

**INVLOED VAN DIE  
MINERAL AND PETROLEUM RESOURCES  
DEVELOPMENT ACT 28 OF 2002  
OP BOEDELBEPLANNING EN BOEDELBEREDDERING**

Skripsie voorgelê as gedeeltelike voldoening  
aan die vereistes van die Magister Legum in  
Boedelreg by die Noordwes-Universiteit  
(Potchefstroomkampus)

deur

**Johanna Catherina Petronella Taljaard  
12395250**

Studieleier: Me. E van der Schyff  
Mede-studieleier: Prof. W du Plessis

Vakke geslaag:  
HRB 833 Belastingreg  
HRB 835 Boedelbeplanning  
PVB 833 Sakereg  
PVB 834 Huweliksgoederereg  
PVB 836 Erfreg

2004

## **THE INFLUENCE OF THE MINERAL AND PETROLEUM RESOURCES DEVELOPMENT ACT 28 OF 2002 ON ESTATE PLANNING AND THE ADMINISTRATION OF ESTATES**

### **Summary**

The *Mineral and Petroleum Resources Development Act* introduced a new mining law dispensation. This Act has implications for mineral right holders.

Up to 1 May 2004, the right to prospect or mine vested in the holder of the mineral right concerned under the system of private ownership as set out in the Minerals Act 50 of 1991. The 2002 Act which is premised on the principle that minerals as a natural resource are part of the natural heritage of all South Africans, eliminates the concept of private ownership of mineral rights and vests the right to prospect or mine exclusively in the state.

Mineral rights were always assets in the estate of a person and were handled in the administration of the estate. The question is whether mineral rights and royalties are still assets of the estate under the 2002 Act.

New applicants under the 2002 Act will have to apply directly to the state for the right to prospect and mine, regardless of the identity of the previous holder of the relevant right. Holders of existing (old order) rights will have an opportunity to ensure the ongoing validity of these rights by complying with the conversion criteria contained in the 2002 Act. New order rights issued or converted under the 2002 Act differ from old order rights insofar as their duration, transferability, mortgage ability and the royalties payable thereon.

Although the new order rights are still referred to as limited real rights in article 5 of the 2002 Act, these converted rights are more restricted in content. These new order rights cannot be ceded, transferred, let, sublet,

assigned, alienated or otherwise disposed of without the written consent of the minister.

Except for the transitional arrangements in Schedule 2, the 2002 Act would terminate the notion and use of the vehicle of mineral rights. When comparing the new order rights to the old order rights, the question of deprivation and expropriation arises. It is not clear exactly when a claim for compensation for expropriation of property arises and what the term of the period of prescription would be.

The duration of the new prospecting right and mining right are statutorily regulated. In drawing a comparison between the old order and the new order rights, a distinction may be drawn between:

- (a) Situations where the holder of the old order right would be successful with his application for conversion to a new order right;
- (b) Situations where the holder of the old order right was unsuccessful with the application for a conversion of rights;
- (c) Situations where the holder chooses not to apply for conversions at all.

Financial benefits to be derived from former mineral rights are also affected. The right to receive royalties may be protected under the constitutional property clause and a withdrawal of these rights from the private sphere and the assignment thereof to the state may represent a deprivation of property in the constitutional sense.

Royalties to communities and natural persons may continue to them after the 2002 Act, but the position of legal entities and trust remain insecure.

All these changes will affect the estate and the estate planning of the landowner and the holder of mineral rights.

In this mini-dissertation all the important provisions regarding estate planning will receive attention. Transferability of the new order rights, royalties, and the effect of the new law on the value of property in the estate, will be looked at.

Keywords: Estate planning; administration of estates; mineral rights.

## 1 Inleiding

Die lang verwagte *Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 of 2002*<sup>1</sup> is gedurende 2002 afgekondig.<sup>2</sup> Hierdie Wet het op 1 Mei 2004 in werking getree. Die 2002-Wet het die posisie ten aansien van mineraalregte aansienlik gewysig.<sup>3</sup> Alhoewel die toegekende regte in terme van die 2002-Wet steeds as beperkte saaklike regte<sup>4</sup> beskou word, het dié regte 'n beperkte lewensduur.<sup>5</sup> Mineraalreghouers kon in die verlede staatmaak op tantième indien hulleself nie myn nie.<sup>6</sup> Die nuwe wetgewing verander dié posisie aansienlik.<sup>7</sup>

Mineraalregte vorm deel van die boedel van 'n persoon en word in testamente bemaak en moet in bestorwe boedels beredder word. By boedelbeplanning word mineraalregte en tantième in ag geneem as bates van die boedel. Volgens die 2002-Wet moet aansoek om tantième gedoen word.<sup>8</sup> Hierdie tantième sal slegs toegeken word as die voormalige mineraalreghouer aan bepaalde vereistes voldoen.<sup>9</sup> Aansoeke moet opnuut gedoen word vir die toekenning van regte op minerale.<sup>10</sup>

Die vraag is of mineraalregte en tantième kragtens die 2002-Wet as 'n boedelbate gereken kan word en wat dié wet se invloed op boedelbeplanning en boedelbereddering is?

- 
- 1 Hierna die 2002-Wet genoem. Hierdie Wet is in Engels en Pedi opgestel. In die artikels en kommentaar wat bestudeer is, is deurgaans vrye vertalings gebruik. Waar vertalings nie moontlik is nie, is Engelse terme gebruik.
  - 2 SK 23922 10 Oktober 2002.
  - 3 Artikel 111 van die 2002-Wet verleen aan die Minister magtiging om regulasies voor te skryf.
  - 4 Artikel 5(1) van 2002-Wet.
  - 5 Artikel 17(6) en 23(6) van die 2002-Wet.
  - 6 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 118.
  - 7 Vergelyk paragraaf 4.4.2.2.
  - 8 Paragraaf 11 van Skedule 2. Sien ook bespreking by 4.4.2.2.
  - 9 Sien bespreking by paragraaf 4.4.2.2.
  - 10 Hoofstuk 4 en Skedule 2.

In hierdie skripsie word boedelbeplanning en boedelberedding eerstens bespreek waarna die aard en oordraagbaarheid<sup>11</sup> van die nuwe bedeling mineraalregte en betaling van tantième bespreek<sup>12</sup> en vergelyk word met ou bedeling regte. Die vraag hoe die waarde van onroerende eiendom beïnvloed word deur die 2002-Wet,<sup>13</sup> word ook aangespreek. Die spesifieke bepalinge wat 'n boedelbeplanner raak, word daarna uitgewys en aangespreek<sup>14</sup> ten einde tot 'n gevolgtrekking te kom en aanbevelings te maak.

## **2 Boedelbeplanning en boedelberedding**

### **2.1 Boedelbeplanning**

Boedelbeplanning dek 'n wye veld en sluit verskeie vakrigtings in. Dit is nie 'n suiwer juridiese aangeleentheid nie, maar dit vereis meer as net 'n terloopse kennis van verskeie fasette van die reg.<sup>15</sup>

Boedelbeplanning word dikwels gesien as die een of ander vorm van belastingvermyding. Belastingbeplanning en beperking speel inderdaad 'n belangrike rol by boedelbeplanning<sup>16</sup> en heelwat kan binne die reg gedoen word.<sup>17</sup>

Meyerowitz<sup>18</sup> omskryf boedelbeplanning as

... the arrangement, management, securement and disposition of a person's estate so that he, his family and other beneficiaries can enjoy and continue to enjoy the maximum benefits from his estate during his lifetime and after his death.

---

11 Vergelyk paragrawe 4.2 en 4.3

12 Vergelyk paragraaf 4.4.2.

13 Die situasie waar daar wel gemyn word deur derdes en die grond nie gerehabiliteer word nie skep ook 'n aantal vraagstukke, maar weens die omvang van hierdie skripsie gaan daar nie daarop ingegaan word nie. Sien artikel 38; vergelyk paragraaf 5.1

14 Vergelyk 5.1.

15 Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 9.

16 Strauss 2001 *De Rebus* 59, <http://www.tax.co.za/estplan.html> 23 Maart 2003.

17 Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 9.

18 Meyerowitz 1965 *Taxpayer* vol XIV 1.

Bobbert<sup>19</sup> se omskrywing is as volg:

Boedelbeplanning kan beskou word as die proses waardeur 'n eienaar eiendom verkry, die grootste voordeel uit die besit en gebruik daarvan haal (gedurende sy lewe), sodat soveel as moontlik op die mees ekonomiese wyse en met minste vermindering daarvan, op sy begunstigdes kan oorgaan (na sy afsterwe).

Boedelbeplanning behoort die volgende te bereik.<sup>20</sup>

(a) Bereiking van beplanner se strewes en doelwitte

Die boedelplan moet voorsiening maak vir die beplanner se behoeftes, maar met die klem op uitvoerbaarheid. As gevolg van die bepaling van die Mineralewet 50 van 1991<sup>21</sup> was die posisie met vererwing van minerale regte op, of die verkoping aan meerdere persone, baie dieselfde as by die onderverdeling van landbougrond. Die Minister se toestemming was nodig in gevalle waar mineraalregte verdeel word tussen twee of meer persone.<sup>22</sup> Die 2002-Wet bepaal dat regte nie vrylik oordraagbaar is nie, en die Minister se toestemming moet verkry word.<sup>23</sup>

(b) Praktiese doeltreffendheid van die plan

Dit is noodsaaklik dat die beplanner en sy gade gemaklik moet wees met die plan gedurende hulle lewe:

A good estate plan is one that is not cast in stone – instead it should be capable of being amended to take into account adverse legislation, unintended consequences and changing circumstances both of the planners and their surviving beneficiaries.<sup>24</sup>

---

19 Bobbert 1966 *Tydskrif vir Regswetenskap* 15.  
20 Allegiance Consulting (eds) *Momentum's easiguide* 5.  
21 Hierna die 1991-Wet genoem. Sien bespreking onder paragraaf 3.2.  
22 Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 126.  
23 Artikel 5 asook die bespreking by paragraaf 4.3.  
24 Allegiance Consulting (eds) *Momentum's Easiguide* 7.

(c) **Belasting voordelig**

Die invloed van verskillende belasting wat inkomstebelasting, boedelbelasting, geskenkebelasting en kapitaalwinstbelasting insluit moet deurentyd in berekening gebring word.

Boedelbeplanning kan dus omskryf word as die poging om die boedeleienaar se wense en doelwitte te bereik met inagneming van al die relevante wetgewing en belastingbepalings.

'n Boedelbeplanner moet die nodige kennis met betrekking tot die 2002-Wet hê om hom in staat te stel om die slaggate aan die boedeleienaar uit te wys. 'n Boer kan byvoorbeeld sy plaas aan sy seun nalaat en die mineraalregte waarop tantième ontvang word aan sy dogter. Indien hy sou sterf na die inwerkingtreding van die 2002-Wet mag die effek op die waarde van die bates wees dat sy doelwit om beide ewe veel te bevoordeel nie bereik word nie.

Uit hierdie oogpunt sal die 2002-Wet bestudeer word en die wet se invloed op die boedelplan gemeet word. Deur reg te beplan en die testament reg te bewoord sal die beredderingsproses vlot kan verloop.

## **2.2 Boedelbereddering**

Wanneer daar met boedelbereddering te doen gekry word, behoort belangrike aspekte soos boedelbeplanning en opstel van testamente reeds afgehandel te wees. As hiermee nalatig of onnadenkend gehandel is,<sup>25</sup> lewer dit in die beredderingsproses aansienlike probleme op. Behoorlike beplanning en gepaardgaarde opstel van die testament verseker dat die beredderingsproses glad verloop. Die beredderingsproses sal dus grotendeels afhang van die fondament wat reeds vooraf gelê is.<sup>26</sup>

---

25 *Louw v Engelbrecht* 1974 4 SA 841(O).

26 *Wiechers en Vorster Boedelbereddering* 1.



Die beredderingsproses is dus die proses waar die boedeleienaar se bates volgens sy wense en doelwitte verdeel en aan die erfgename oorgedra moet word.

Daar bestaan in Suid-Afrika verskeie wette en verordeninge rakende bestorwe boedels.<sup>27</sup> Met die inwerkingtreding van die 2002-Wet ontstaan die gevaar dat die mineraalregte nie oorgedra kan word nie<sup>28</sup> en tantième kan verval.<sup>29</sup> Die vraag ontstaan of die eksekuteur in die oorgangfase, na afsterwe van die boedeleienaar, aansoek kan doen vir die omskakeling van ou bedeling regte na nuwe bedeling regte.<sup>30</sup> Die posisie voor en na die inwerkingtreding van die 2002-Wet, sal bespreek word.

### **3 Posisie voor die inwerkingstelling van die 2002-Wet**

#### **3.1 Gemeenregtelike posisie**

Een van die basiese beginsels van die gemenerereg is dat die eienaar van die grond die *dominus* van die grond in geheel is, wat insluit die lugruim bo die oppervlakte en alles onder die oppervlak.<sup>31</sup>

---

27 Die volgende is tans van toepassing: *Boedelwet* 66 van 1965, *Wet op Testamente* 7 van 1953, *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987, *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 7 van 1990, *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984, *Wet op die Beheer van Trustgoed* 57 van 1988, *Boedelbelastingwet* 45 van 1955, *Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkings op Onroerende Goed* 94 van 1965, *Registrasie van Aktes Wet* 47 van 1937, *Wet op die Onderverdeling van Landbougrond* 70 van 1970, 1991-Wet.

28 Artikel 11; sien bespreking onder paragraaf 4.3.

29 Paragraaf 11 van Skedule 2; vergelyk paragraaf 4.4.3.

30 Sien bespreking by paragraaf 4.4.1.

31 Franklin en Kaplan *Mining and Mineral Laws* 4; Joubert 1959 *THRHR* 27. Badenhorst 2001 *Obiter* 123; Silberberg en Schoeman *Law of Property* 419, Badenhorst, Mostert en Pienaar *Law of Property* 329.

Die Romeins-Hollandse reël het bepaal dat eienaarskap van mineraalregte in die eienaar van die grond setel.<sup>32</sup> Innes R haal die gemeenregtelike beginsel aan in sy uitspraak van *Union Government v Marais and Others*.<sup>33</sup>

The principle is fundamental that the owner of land is owner not only of the surface but everything legally adherent thereto, and also of everything contained in the soil below the surface.

Mineraalregte is een van die regte wat 'n eienaar van grond het, wat geskei kan word van sy volle *dominium*<sup>34</sup> en wat dan selfstandig kan staan.<sup>35</sup> Minerale behoort egter aan die eienaar van die grond solank as wat dit nog deel vorm van die grond, ongeag of mineraalregte deur iemand anders gehou word. Eers as die minerale daadwerklik van die grond geskei word deur ontginning word dit die eiendom van die mineraalreghouer.<sup>36</sup>

Mineraalregte verleen aan die houer daarvan die bevoegdheid om op die grond vir minerale te prospekteer, daarvoor te myn en dan weer oor die verwyderde minerale te beskik. Mineraalregte stel 'n eiesoortige vorm van reg in eiendom daar, wat in die konteks van Suid-Afrika se mineraalrykdom ontwikkel het.<sup>37</sup>

Afskeiding van mineraalregte van eiendomsreg op grond is 'n realiteit wat deur die gemenerereg sowel as wetgewing<sup>38</sup> gereël word en wel op die volgende wyses:

---

32 Thomas *Essentialia van die Romeinse Reg* 47, *Neebe v Registrar of Mining Rights* 1902 (TS) 65 85, *Rocher v Registrar of Deeds* 1911 TPA 311 315.

33 *Union Government v Marais* 1920 AD 240 246.

34 Franklin en Kaplan *Mining and Mineral Laws* 5. Artikel 70(1) van die Akteswet 47 van 1937, sien ook bespreking oor 2002-Wet in paragraaf 4.

35 Joubert 1959 *THRHR* 27, Van der Walt en Pienaar *Sakereg* 332.

36 Van der Walt en Pienaar *Sakereg* 332; Franklin en Kaplan *Mining and Mineral Laws* 7.

37 Van der Walt en Pienaar *Sakereg* 331, Joubert 1959 *THRHR* 28.

38 Franklin en Kaplan *Mining and Mineral Laws* 6.

- (a) Notariële sessie van mineraalregte. Artikel 70 van die *Akteswet*<sup>39</sup> maak voorsiening dat die grondeienaar sy regte op minerale aan 'n ander persoon kan sedgeer.
- (b) Voorbehoud in 'n akte van oordrag van die grond. In sodanige geval is dit verpligtend dat 'n sertifikaat van regte op minerale ten gunste van die houer daarvan uitgeneem word.
- (c) Uitsluiting in 'n onderverdelingsakte van die grond.
- (d) Verdeling van mineraalregte wat in onverdeelde aandele gehou word.
- (e) Voorbehoud in die proses van vestiging van 'n dorpsgebied op die grond.
- (f) Uitsluiting van 'n proses van onteiening van die grond.
- (g) Verkryging van 'n afsonderlike sertifikaat van mineraalregte deur die grondeienaar.<sup>40</sup>
- (h) Onteiening deur die staat van regte op minerale in bepaalde omstandighede.<sup>41</sup>

Mineraalregte is, sodra hulle eers van eiendomsreg op grond geskei is, eiesoortig in die sin dat hulle afgesonder van eiendomsreg bly selfs as dieselfde persoon eienaar van die grond en houer van minerale regte is.<sup>42</sup> Ander beperkte saaklike regte kan nie deur die eienaar van die grond gehou word nie, en verdwyn sodra die grond self deur die houer van regte bekom word. Hierdie is 'n uitsondering op die reël dat 'n persoon nie 'n beperkte saaklike reg oor sy eie eiendom kan besit nie.<sup>43</sup>

Mineraalregte verskil ook van erfdiensbaarhede daarin dat hulle nie 'n heersende en dienende erf vereis nie; hulle kan deur enige persoon gehou

---

39 *Registrasie van Akteswet 47 van 1937.*

40 Van der Walt en Pienaar *Sakereg* 332. Die sertifikaat van regte op minerale word by wyse van die voorgeskrewe vorm JJ op skriftelike aansoek van die eienaar van die grond uitgereik.

41 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 100.

42 Joubert 1959 *THRHR* 28, *Lazarus and Jackson v Wessels* 1903 TS 499 510

43 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 98.

word ongeag eiendomsreg oor die grond.<sup>44</sup> Mineraalregte verskil ook van persoonlike serwitute daarin dat hulle nie tot 'n bepaalde persoon beperk word nie en vrylik oorgedra kan word.<sup>45</sup> Mineraalregte is vrylik vervreembaar en oordraagbaar.<sup>46</sup> In die regspraak<sup>47</sup> en onder skrywers<sup>48</sup> was daar nie werklik eensgesindheid oor die klassifikasie van mineraalregte binne die raamwerk van saaklike regte nie.<sup>49</sup> Dit moet eerder as 'n eiesoortige reg gesien word.<sup>50</sup>

Die redelike houding om in te neem skyn te wees dat regte op minerale beperkte saaklike regte *sui generis* is. 'n Nuwe spesie van saaklike regte word geskep, maar 'n saaklike reg met omskrewe inhoud.<sup>51</sup> As 'n eiesoortige reg<sup>52</sup> wat vir die nasionale ekonomie belangrik geag word, kan mineraalregte egter uitgeoefen en ontgin word selfs wanneer die grondeienaar se regte in die proses redelik ernstig geraak word.<sup>53</sup> Daar word algemeen aanvaar dat in gevalle van onoplosbare konflik die ontginning van minerale voorrang geniet bo die regte van die grondeienaar.<sup>54</sup> Die gedagte agter die wye magte van eksploitasie wat aan die mineraleregtehouer verleen word, is dat die

- 
- 44 *Van Vuren v Registrar of Deeds* 1907 TS 289, *Ex parte Pierce* 1950 3 SA 628 (O), *Webb v Beaver Investments* 1954 1 SA 13 (T).
- 45 Joubert 1959 *THRHR* 30; Van der Merwe *Notariële Praktyk* 99.
- 46 Joubert 1959 *THRHR* 30. Sien Van der Merwe *Notariële Praktyk* 86 vir die beperkinge by die oordraagbaarheid van regte.
- 47 *Webb v Beaver Investments* 1945 1 SA 13 (T) 25; *Witbank Colliery v Malan Coronation and Colliery* 1910 TPD 667; *Ex Parte Pierce* 1950 3 SA 628 (O) 634D; *Erasmus v Afrikaner Prop. Mines* 1976 1 SA 950 (W) 956.
- 48 Joubert 1959 *THRHR* 30, Van der Merwe *Notariële Praktyk* 99.
- 49 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 98. Sien ook regspraak soos in voetnoot 40 en 44 hiervan; Badenhorst 1990 *TSAR* 47.
- 50 *Trojan Exploration v Rustenburg Platinum Mines* 1996 4 SA 499 (A) 509. Sien ook *Rand Mines v President of RSA* 1996 3 SA 425 (BSC) 432 en *Minister of Land Affairs v Rand Mines* 1998 4 SA 303 (SCA) 423.
- 51 Franklin en Kaplan *Mining and Mineral Laws* 11, *Ex Parte Pierce* 1950 3 SA 628 (O); Badenhorst 2001 *Obiter* 122.
- 52 Badenhorst 1990 *TSAR* 239.
- 53 Badenhorst, Pienaar en Mostert *Law of Property* 4de uitg 2003.
- 54 *Hudson v Mann* 1950 4 SA 485 (T) 488; *Coronation Collieries v Malan* 1911 TPD 578; *Douglas Colliery v Bothma* 1947 3 SA 602 (T); *Nolte v Johannesburg Consolidated Investments* 1943 AD 295.

.nadelige gevolge van eksplorasie vir die regte van die oppervlakte-eienaar in die koopprys van mineraalregte weerspieël word.<sup>55</sup>

### 3.2 **Mineraalwet 50 van 1991**<sup>56</sup>

#### 3.2.1 *Agtergrond*

Verskeie wetgewing rakende minerale en mynbou, wat 'n rol gespeel het by die verordening van die 1991-Wet, het voorheen in Suid-Afrika gegeld.<sup>57</sup> Gedurende die sestigerjare is sodanige wetgewing van voor en na 1910 tot 'n groot mate gekonsolideer.<sup>58</sup>

Die 1991-Wet<sup>59</sup> het ongeveer al die wetgewing voor die 1991-Wet herroep behalwe vir sekere omskrywings.<sup>60</sup> Die 1991-Wet het weggedoen met klassifikasie van grond, die vestiging in die staat van die reg om te myn vir sekere edele minerale herroep,<sup>61</sup> en het tot 'n groot mate die gemeenregtelike regte van die houer van minerale<sup>62</sup> herstel.<sup>63</sup>

---

55 Van der Walt en Pienaar *Sakereg* 333.

56 Hierdie wet het op 1 September 1993 in werking getree, maar is nou deur die 2002-Wet herroep.

57 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 2de uitg 97.

58 Badenhorst 1990 *TSAR* 239, *Wet op Myne en Bedrywe* 27 van 1956, *Wet op Edelgesteentes* 73 van 1964, *Wet op Mynregte* 20 van 1967 en die *Aanvullende Wet op die Mineraalwette* 10 van 1975.

59 *Mineraalwet* 50 van 1991.

60 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 2de uitg 97.

61 Artikel 5.

62 Kaplan en Dale *A Guide to the Minerals Act 1991* par 2.5.2.1.

63 Vergelyk bespreking met paragraaf 3.1. Die primêre doelstelling van die wet was om die optimale ontginning, verwerking en benutting van minerale te reël en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, naamlik die veiligheid en gesondheid van persone wat betrokke is by myne en bedrywe, die ordelike benutting en rehabilitasie van die oppervlak van grond tydens en na prospekter- en mynbedrywighede en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

### 3.2.2 Betekenis van die begrip “mineraal”

Vanuit ‘n boedelbeplanner se oogpunt, is dit noodsaaklik om te weet wat alles onder minerale verstaan word. In die algemeen word aanvaar dat as die woord “mineraal” in ‘n kontrak gebruik word, vasgestel moet word watter betekenis die partye daaraan heg, terwyl daar na die bedoeling van die wetgewer gekyk moet word, as daar in ‘n wet na die woord verwys word.<sup>64</sup> Voor die omskrywing van “mineraal” in die 1991-Wet,<sup>65</sup> is daar in regspraak uiteenlopende betekenis aan die woord gegee. So is in *Ex Parte Erasmus*<sup>66</sup> beslis dat klip en sand nie minerale is nie, terwyl klip in *Finbro Furnishers v Registrar of Deeds*<sup>67</sup> wel as mineraal gesien is en so ook sand in die *Roets v Secundior*.<sup>68</sup> Die Appèlhof het in *Armstrong v Oree*<sup>69</sup> beslis dat sand nie ‘n mineraal is nie.

Artikel 1 omskryf mineraal “as enige stof, hetsy soliede of vloeibare vorm in die vorm van gas, wat op natuurlike wyse in of op die aarde, in of onder water in uitskot voorkom en wat deur geologiese proses gevorm is of daaraan onderhewig was, uitgesonderd water, maar met inbegrip van sand, klip, rots, gruis en klei, asook grond, behalwe bogrond.”

Alhoewel daar steeds kritiek teen hierdie omskrywing was,<sup>70</sup> het genoemde omskrywing nie wesenlike probleme opgelewer nie. In *Malan v Strauss*<sup>71</sup> is bevind dat bousand ‘n mineraal is vir doeleindes van die *Algemene*

---

64 Badenhorst, Pienaar en Mostert *Law of Property* 4de uitg 332.

65 Artikel 1.

66 *Ex Parte Erasmus* 1958 4 788 (T).

67 *Finbro Furnishers v Registrar of Deeds, Bloemfontein* 1985 4 SA 773 (A).

68 *Roets v Secundior Sand BK* 1989 1 SA 902 (T).

69 *Armstrong v Sehadew Oree t/a Oree's Cartage & Plant Hire* 2004 3 SA 152 (SCA).

70 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 106.

71 *Malan v Strauss* 1994 4 179 (NKA).

*Regswysigingswet*<sup>72</sup> wat bepaal dat 'n huurkontrak van mineraalregte deur 'n notaris attesteer moet word.<sup>73</sup>

### 3.2.3 Aard en inhoud van mineraalregte

Die 1991-Wet het nie die aard van mineraalregte gewysig nie.<sup>74</sup> Die reg om te prospekter kan deur middel van 'n prospekterkontrak toegeken word.<sup>75</sup> Die reg om te myn word deur 'n notariële<sup>76</sup> huurkontrak<sup>77</sup> verleen.<sup>78</sup>

Mineraalregte het as inhoud<sup>79</sup> die volgende regte, naamlik<sup>80</sup>

- a. Ontginning van minerale wat insluit die reg om die grond te betree vir prospekterdoeleindes en om te myn, die reg om te prospekter en die reg om te myn.<sup>81</sup>
- b. Vervreemding, wat insluit om die mineraalregte te sedeer.<sup>82</sup>
- c. Beswaring, wat insluit om 'n beperkte saaklike reg te skep met betrekking tot die mineraalreg soos vruggebruik, verband of mineraalhuur.<sup>83</sup>
- d. Verset teen enige onwettige inbreukmaking van die uitoefening van die reg.<sup>84</sup>

---

72 *Algemene Regswysigingswet* 50 van 1976.

73 Vergelyk definisie van mineraal in die 2002-Wet.

74 Sien bespreking onder paragraaf 3.1.

75 Sien paragraaf 4.2 vir die bespreking oor die verandering wat die 2002-Wet bring.

76 *Malan v Strauss* 1994 4 SA 179 (NK) 189.

77 Na registrasie word beperkte saaklike regte naamlik prospekterregte en mynregte geskep. Sien egter ook *Vansa Vanadium SA v Registrar of Deeds* 1997 2 SA 78 (T) 795 vir 'n ander mening.

78 Badenhorst 2001 *Obiter* 127; Artikel 16 van die *Registrasie van Akteswet* 47 van 1937.

79 Vergelyk bespreking in paragraaf 4.2.

80 'n Fundamentele verskil tussen vorige herroepde wetgewing en die 1991-Wet was dat laasgenoemde nie meer mineraalregte vir die staat reserveer nie.

81 Artikel 5(1) van die 1991-Wet, vergelyk met veel wyer omskrywing in Artikel 5 van 2002-Wet.

82 Badenhorst 2001 *Obiter* 124.

83 Artikel 16 van die *Registrasie van Akteswet* 47 van 1937, vergelyk paragraaf 4.2.

84 Badenhorst 2001 *Obiter* 124.

### 3.2.4 Oordraagbaarheid van mineraalregte

Die *Akteswet*<sup>85</sup> het daarvoor voorsiening gemaak dat mineraalregte vervreem en sedgeer kon word.<sup>86</sup> Hierdie bepalings in die *Akteswet* is egter op 'n baie ondeurdagte en swak wyse deur die 2002-Wet herroep.<sup>87</sup> Sessie kon plaasvind as gevolg van verskeie oorsake, naamlik verkoping,<sup>88</sup> skenking, ruil en vererwing van mineraalregte. Die oordraagbaarheid van mineraalregte onder die 1991-Wet word in artikel 20 gereël. Dit bepaal dat geen akte sonder die skriftelike goedkeuring van die direkteur-generaal in die akteskantoor geregistreer mag word wat uitvoering sou gee aan die verdeling van 'n reg op enige mineraal of minerale ten opsigte van grond tussen twee of meer persone in onverdeelde aandele; of 'n vermeerdering van die aantal houers van onverdeelde aandele in 'n reg op enige mineraal of minerale ten opsigte van grond nie.

Vir boedelbeplanning en boedelberedderingsdoeleindes was hierdie artikel van besondere belang, want indien erfopvolging (testaat of intestaat) tot gevolg sou hê dat daar 'n verdeling van mineraalregte sou plaasvind of daar 'n vermeerdering van aandeelhouders sou plaasvind moes die direkteur-generaal se skriftelike toestemming verkry word.<sup>89</sup> Indien die direkteur-generaal sy/haar skriftelike toestemming sou weier en die erfgename of begunstigdes nie tot 'n ooreenkoms kon kom wat nie so 'n verdeling of vermeerdering tot gevolg sou hê nie, moes die eksekuteur in die boedel die betrokke regte op minerale te gelde maak en die opbrengs ingevolge die

---

85 Artikel 16 van die *Akteswet* 47 van 1937.

86 Hierdie transaksies moet in die Registrasie van Akteskantoor geregistreer word.

87 Badenhorst en Mostert 2004 *De Rebus* 25.

88 Verkoping kan plaasvind as gevolg van die uitoefening van 'n opsie in 'n prospekterkontrak, of 'n gewone koopkontrak.

89 Artikel 20(1).



testamentêre beskikking of die intestate erfreg, welke ookal van toepassing is, verdeel.<sup>90</sup>

In *Beyers ea v Du Preez*<sup>91</sup> het 'n volbank beslis dat mineraalregte nie net geskei kan word deur 'n notariële sessie van mineraalregte of deur die uitreiking van 'n sertifikaat van mineraalregte nie, maar ook geskei kon word deur 'n testamentêre voorbehoud op te neem in die transportakte.<sup>92</sup>

Die houer van 'n mineraalreg kan op verskillende wyses verhinder word om met sodanige reg te handel.<sup>93</sup> Die Meester van die Hooggeregshof se toestemming is nodig indien 'n minderjarige wat die houer is van mineraalregte met 'n waarde minder as R100 000, die regte wil vervreem of met 'n verband wil beswaar.<sup>94</sup> Indien die waarde van die mineraalregte wat 'n minderjarige wil vervreem of beswaar meer is as R100 000, sal die hof se toestemming verkry moet word.<sup>95</sup>

Die *fiduciarius* mag nie die opbrengs van mineraalregte hou nie,<sup>96</sup> maar is geregtig daarop om te prospekteer en te myn of om selfs regte aan ander te verleen, sonder die toestemming van die fideikommissêre erfgename.<sup>97</sup> Hy is egter wel geregtig op die rente op die opbrengs. Uit regspraak<sup>98</sup> blyk dit dat 'n *fiduciarius* wel geregtig is op prospekteergelde.<sup>99</sup>

'n Vruggebruiker is weer nie geregtig daarop om met mineraalregte waarvoor sy vruggebruik strek, te handel nie, maar is wel geregtig daarop om myne

---

90 Artikel 2; Van der Merwe *Notariële Praktyk* 101; sien ook paragraaf 4.3 vir die bespreking oor wat die gevolge sal wees as die Minister sy toestemming sou weier onder die 2002-Wet.

91 *Beyers v Du Preez* 1989 1 328 (TPD).

92 Sien bespreking oor oordraagbaarheid van regte na die 2002-Wet.

93 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 2de uitg 103.

94 Artikel 80(2)(a) en (b) van die *Boedelwet* 66 van 1965.

95 Artikel 80(1) van die *Boedelwet* 66 van 1965.

96 *Master v African Mines* 1907 TS 925; *Ex parte Campher* 1912 TPD 10.

97 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 2de uitgawe 103.

98 *Ex parte Erasmus* 1950 1 SA 359 (T); *Ex parte Swiegers* 1966 4 SA 7 (GW); *Ex parte Venter* 1934 TPD 69.

99 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 103.

wat reeds by die aanvang van sy vruggebruik oop was verder te ontgin, mits hy die netto opbrengs daarvan teruggee by die beëindiging van sy vruggebruik. Hy/sy is slegs geregtig op die rente verdien op die netto opbrengs uit die myn.<sup>100</sup>

Wat prospekteergeld aanbetref, is daar nie eenstemmigheid in die regspraak<sup>101</sup> of 'n vruggebruiker<sup>102</sup> geregtig is op al sodanige geld of slegs 'n gedeelte daarvan nie.<sup>103</sup> Die eienaar van die eiendom waaroor die vruggebruik gaan, is geregtig daarop om met die mineraalregte daaraan verbonde te handel mits hy/sy dit doen onderhewig aan die vruggebruik.<sup>104</sup> Gevolglik moet die eienaar die vruggebruiker se toestemming verkry alvorens hy/sy prospekteer of mynregte oor die eiendom aan iemand anders kan verleen.<sup>105</sup>

Die houer van mineraalregte ten opsigte van grond of uitskot, het die reg om sodanige grond te betree, tesame met persone, installasie of toerusting wat nodig mag wees vir doeleindes van prospektering of mynbou en om op sodanige grond of uitskot na sodanige mineraal te prospekteer, daarvoor te myn en daaroor te beskik.<sup>106</sup>

Omdat dit onvermydelik is dat die grondoppervlakte versteur word, maak die 1991-Wet in artikel 41 voorsiening dat die streekdirekteur voorskrifte kan uitreik en voorwaardes kan stel met betrekking tot die gebruik van die grond wat die onderwerp is van 'n prospekteringspermit of ontginningsmagtiging

---

100 *Master v African Mines* 1907 TS 925; *Ex parte Pierce* 1950 3 SA 628 (O); Franklin en Kaplan *Mining and Mineral Laws* 252.

101 *Ex parte Erasmus* 1950 1 SA 359; *Ex parte Swiegers* 1966 4 SA 7 (GW); *Ex parte Venter* 1934 TPD 69; *Ex parte Eloff* 1953 1 SA 617 (T) 620.

102 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 2de uitg 104.

103 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 2de uitg 104.

104 Franklin en Kaplan *Mining and Mineral Laws* 251.

105 *Ex parte Venter* 1934 TPD 69; Van der Merwe *Notariële Praktyk* 2de uitg 104; Vergelyk ook paragraaf 4.3 vir die posisie na die 2002-Wet.

106 Artikel 5 van die 1991-Wet en die bespreking in Van der Merwe *Notariële Praktyk* 2de uitg 104. Vergelyk ook paragraaf 4.2 waar die 2002-Wet soortgelyke regte aan die oppervlakte-eienaar verleen.

ten einde skade aan of die versteuring van die oppervlak, plantegroei, omgewing of waterbronne tot die minimum te beperk. Verpligting tot rehabilitasie<sup>107</sup> van die grondoppervlak na prospektering en mynbou bied verdere beskerming aan die oppervlakte-eienaar en beskerm so die oppervlakte-eienaar teen waardevermindering van sy/haar bate.

Die algemeen aanvaarde beginsel dat die regte van die houer van minerale voorrang geniet bo die regte van die grondeienaar word getemper deur die voorbehoud tot genoemde voorskrif.<sup>108</sup> 'n Oortreding van genoemde voorskrif is strafbaar,<sup>109</sup> en hierdie artikel verstewig die gemeenregtelike regte van die grondeienaar.<sup>110</sup>

#### **4 Die Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 van 2002**

Die 2002-Wet en regulasies is in 2002 gepubliseer,<sup>111</sup> en het op 1 Mei 2004 in werking getree. In 2003 is die *Mining Titles Registration Amendment Bill*<sup>112</sup> gepubliseer wat die inwerkingtreding van die 2002-Wet geïmplementeer het.<sup>113</sup>

Die 2002-Wet maak onder meer voorsiening vir die opstel van 'n handves vir mynbou wat opgestel moet word na die inwerkingtreding van die Wet.

---

107 Artikel 38 van die 1991-Wet.

108 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 2de uitg 104.

109 Artikel 41(2) en 60(a) en (b) van die 1991-Wet. So 'n oortreding kan ook ingevolge artikel 14 die opskorting of kansellasië van die magtiging wat verleen is, tot gevolg hê. Verder kan dit ook 'n siviele aksie tot gevolg hê.

110 Silberberg en Schoeman *Law of Property* 412; Die 1991-Wet het ook voorsiening gemaak vir 'n aantal oorgangsbepalings, maar omdat die tydperk waarin dit gegeld het reeds verstryk het, word dit nie verder bespreek nie.

111 SK 23922 10 Oktober 2002; die konsep regulasies ingevolge artikel 107(1) van die Wet is gepubliseer in die *Staatskoerant* SK 24134 6 Desember 2002.

112 SK 24477 17 Februarie 2003.

113 Badenhorst en Mostert 2004 *De Rebus* 25.

Ten einde die ingrypende veranderings te verstaan word die 2002-Wet in meer detail bespreek.

#### 4.1 Agtergrond en filosofie van die 2002-Wet

In die aanhef van die 2002-Wet word die doel van die wet uiteengesit, naamlik dat daar erkenning gegee moet word daaraan dat Suid-Afrika se minerale en petroleum-reserwes aan die mense van die land behoort en dat die staat die bewaarder daarvan is. Hierdie uitgangspunt van die 2002-Wet verskil van dié van die 1991-Wet wat nie mineraalregte vir die Staat gereserveer het nie.<sup>114</sup>

Daar is wêreldwyd 'n tendens om gemeenskaplike besit ten opsigte van sekere bates vir die land en sy mense as geheel te skep. Hierdie tendens het veral betrekking op ontginning van minerale, gebruik van water<sup>115</sup> en omgewingsake.<sup>116</sup>

Volgens Ericsson<sup>117</sup> beweeg die regering in die internasionale hoofstroom met sy langtermyn doelwit dat “all mineral rights vested in the state for benefit and on behalf of all the people of South Africa.”

Die filosofie onderliggend aan die 2002-Wet is dat minerale aan die land en sy mense behoort, en nie vatbaar behoort te wees vir privaateiendomsreg of beheer nie en dat dit deur die staat namens al die mense beheer moet word.<sup>118</sup> Die 2002-Wet het skerp teenkanting van die bestaande houers van minerale regte ontlok.<sup>119</sup> Alhoewel die Suid-Afrikaanse Kamer van Mynwese

---

114 Van der Merwe *Notariële Praktyk* 106, sien 3.2.1.

115 Die 2002-Wet voer die gedagte wat reeds met die *Nasionale Waterwet* 36 van 1998 ontstaan het, net veel verder.

116 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie.

117 Ericsson 2000 <http://www.e-mj.com> 25 Mei.

118 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie.

119 Ericsson 2000 <http://www.e-mj.com> 25 Mei.

die gedagte aanvaar dat die staat die bewaarder en opsigter (*custodian*)<sup>120</sup> van die land se minerale rykdom is, het hulle die belangrikheid onderstreep dat regte van bestaande houers van mineraalregte beskerm en gerespekteer moet word ten einde beleggingsvertroue te behou.<sup>121</sup>

In artikel 3(2)<sup>122</sup> word 'n uiteensetting gegee van die staat se bevoegdhede en pligte as "custodian" van hierdie erfenis. Hierdie magte sluit in:

- (a) to grant, issue, refuse, control, administer and manage any reconnaissance permission, prospecting right, permission to remove, mining right, mining permit, retention permit, technical co-operation permit, reconnaissance permit, exploration right and production right; and
- (b) in consultation with the Minister of Finance, determine and levy, any fee or consideration payable in terms of any relevant Act of Parliament.

Die bepalinge van die 2002-Wet verskil van die gemeenregtelike posisie.<sup>123</sup> Waar die nuwe Wet se bepalinge nie in ooreenstemming met die gemeenereg is nie, bepaal artikel 4(2) dat die bepalinge van die 2002-Wet voorrang sal geniet.

#### **4.2 Aard en inhoud van mineraalregte**

Die 2002-Wet trek 'n streep deur die begrip en inhoud van minerale regte soos wat dit tot nou toe bekend was,<sup>124</sup> behalwe tot 'n mate vir die oorgangsfase wat later bespreek sal word.<sup>125</sup> Nuwe regte word in die 2002-

---

120 Artikel 3 van die 2002-Wet.

121 1998 *Business Africa* 6.

122 2002-Wet.

123 Sien bespreking in paragraaf 3.1.

124 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie; Badenhorst 2001 *Obiter* 126; Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 381.

125 Paragraaf 4.4 hieronder.

Wet geskep in die plek van die bestaande minerale regte<sup>126</sup> en word deur middel van 'n administratiewe proses deur die staat toegeken.<sup>127</sup>

Alhoewel die eienaar van grond steeds die eienaar van minerale is, solank as wat dit nog in die grond is,<sup>128</sup> beskou Olivier<sup>129</sup> hierdie egter as 'n "leë" eiendomsreg, want die eienaar kan niks doen met sy minerale nie. Die eienaar is ook net eienaar van die minerale solank as wat die minerale nog fisies deel vorm van die grond waarin of waarop dit voorkom en totdat dit losgemaak en verwyder is.<sup>130</sup> Slegs die persoon aan wie die staat die mineraalregte toegeken het, volgens die bepalings in die 2002-Wet mag met die minerale handel. Die staat neem alle mineraalregte oor<sup>131</sup> en by implikasie ontnem<sup>132</sup> die staat 'n persoon van sy/haar "eiendomsreg."<sup>133</sup>

Artikel 5 hanteer die nuwe regte wat geskep word. Artikel 5(1) plaas die reg om te prospekter (*prospecting right*),<sup>134</sup> reg om te myn (*mining right*),<sup>135</sup> reg om te eksploreer (*exploration right*)<sup>136</sup> en die reg om te produseer (*production right*)<sup>137</sup> in die kategorie van beperkte saaklike regte.<sup>138</sup> Kragtens artikel 5(3) mag die houer van artikel 5-regte (nuwe bedeling regte):

- 
- 126 Badenhorst 2001 *Obiter* 127, Artikel 5 van 2002-Wet.  
127 Die *Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid* 3 van 2000 moet dus ook bestudeer word wanneer gekyk word na die toekenningsproses.  
128 Sien bespreking in paragraaf 3.1.  
129 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie.  
130 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie.  
131 Ferreira en Harrison 2003 *Mining Werks* 1; Badenhorst 2002 *Obiter* 191. Die reg om te prospekter en die reg om te myn word nie uitdruklik vir die staat gereserveer nie, maar by implikasie. Volgens die *nemo plus iuris ad alium transferre potest quam habet*-beginsel kan niemand meer regte oordra as wat hyself het nie.  
132 Die vraag of daar onteiening plaasvind word in paragraaf 4.4.2 bespreek.  
133 Badenhorst en Malherbe 2001 *TSAR* 785 bespreek die grondwetlikheid van die 2002-Wet. Weens die beperkte omvang van hierdie werk word daar nie verder aan die grondwetlikheid van die 2002-Wet aandag gegee nie.  
134 Artikel 1 definieer *prospecting right* as die reg om te prospekter in terme van artikel 17(1).  
135 Artikel 1 definieer *mining right* as die reg om te myn in terme van artikel 23(1).  
136 Artikel 1 definieer *exploration right* as die reg om te eksploreer in terme van in terme van artikel 80.  
137 Artikel 1 definieer *production right* as die reg om te produseer in terme van artikel 84.  
138 Du Plessis, Olivier en Pienaar 2002 *SAPR* 435.

- (a) Die grond betree, tesame met sy of haar werknemers en toerusting, gereedskap en masjienerie inbring; geboue oprig of infrastruktuur skep, wat nodig mag wees om te prospekter, te myn, te eksploreer of te produseer, wat ookal die geval is.<sup>139</sup>
- (b) Prospekter, myn, eksploreer of produseer, welke geval ookal, vir sy eie rekening.
- (c) Enige mineraal wat gedurende die proses om te prospekter, te myn, te eksploreer of te produseer gevind word, verwyder en vervreem.
- (d) Onderhewig aan die *Nasionale Waterwet*<sup>140</sup> water gebruik vanaf enige natuurlike fontein, meer, rivier of stroompie op daardie grond, of mag hy/sy vir water boor.<sup>141</sup>
- (e) Enige algemene aktiwiteit uitvoer wat verband hou met die nuwe bedeling reg en nie teenstrydig is met die bepalings van die wet nie.

Enige persoon wat voldoen aan die voorskrifte van die Wet kan aansoek doen om hierdie regte te verkry.<sup>142</sup> Gevolglik het *almal* 'n kans om regte te verkry.<sup>143</sup> Sekere persone sal egter uitsluitlike regte verkry soos die houer van 'n prospekterreg om vir 'n verlenging daarvan te vra of om aansoek te doen vir 'n mynreg.<sup>144</sup> So ook verkry die houer van 'n mynreg die uitsluitlike reg om aansoek te doen vir die verlenging daarvan.<sup>145</sup>

---

139 Verskil van artikel 5(1) van die 1991-Wet in die opsig dat pertinent magtiging verleen word om werknemers, toerusting, gereedskap en masjienerie inbring mag word en dat geboue en infrastruktuur geskep mag word. 1991-Wet het nie so breedvoerig daarna verwys nie.

140 *Nasionale Waterwet* 36 van 1998.

141 Geen soortgelyke bepaling met betrekking tot gebruik van water word in die 1991-Wet aangetref nie.

142 Hoofstuk 2 van die *Mineral and Petroleum Resources Development Regulations* soos gepubliseer in SK 26275 23 April 2004.

143 Olivier 2002 *Ordenuus* 5.

144 Artikel 19(1)(a).

145 Artikel 25(1).

#### 4.2.1 Prospekterregte<sup>146</sup>

Artikel 16 hanteer die prosedure vir 'n aansoek om 'n prospekterreg.<sup>147</sup> Enige persoon wat wil aansoek doen vir 'n prospekterreg moet die voorgeskrewe aansoekvorm, tesame met die voorgeskrewe aansoekgelde by die streeksbestuurder<sup>148</sup> se kantoor in wie se gebied die grond geleë is, indien.

Artikel 19 dui spesifiek die aanvullende regte ten opsigte van prospekterregte aan, wat insluit:

- (a) Die eksklusiewe reg om aansoek te doen vir en toekenning van die hernuwing van die reg om te prospekter.
- (b) Die eksklusiewe reg om aansoek te doen vir en toekenning van die reg om te myn.
- (c) Onderhewig aan artikel 20-toestemming, die eksklusiewe reg om minerale wat gemyn is; of wat tydens prospektering gevind is, te verwyder en daaroor te beskik.

#### 4.2.2 Mynregte

Artikel 22 verskaf die prosedure vir die aansoek om 'n mynreg.<sup>149</sup> Enige persoon wat wil aansoek doen vir 'n mynreg moet die voorgeskrewe aansoekvorm, tesame met die voorgeskrewe aansoekgelde by die streeksbestuurder se kantoor in wie se gebied die grond geleë is, indien.

---

146 Die reg om te eksploteer en produksieregte word nie bespreek nie omdat dit onwaarskynlik is dat petroleum eksploteerregte in 'n privaat boedel sal val.

147 Artikel 5 van die Regulasies skryf die prosedure voor.

148 2002-Wet verwys na *office of the Regional Manager*.

149 Artikel 10 van die Regulasies skryf die prosedure vir aansoeke met betrekking tot mynregte voor.



Artikel 25 dui die aanvullende regte ten opsigte van mynregte aan as die eksklusiewe reg om aansoek te doen vir en die toekenning van die hernuwing van die mynreg.

#### 4.2.3 *Aansoekprosedures*

As die streeksbestuurder die aansoek om prospekterregte en mynregte aanvaar, laat hy die aansoeker binne 14 dae skriftelik weet om 'n omgewingsplan in te dien. Die streeksbestuurder laat ook die aansoeker weet dat hy die grondeienaar of enige regmatige bewoner en enige ander persoon wat beïnvloed word, skriftelik van sy aansoek in kennis moet stel en met bogenoemde persone konsulteer. Die wet maak voorsiening vir konsultasie en nie noodwendig konsensus nie.<sup>150</sup>

#### 4.2.4 *Beskerming tydens oorgangsfase*

Gedurende die oorgangsfase<sup>151</sup> is sekere ou bedeling regte beskerm. Hierdie regte word administratiefregtelik ontvang, verwerk, oorweeg en toegeken. Artikel 6(1) lê die beginsel van administratiewe geregtigheid neer dat die aansoek binne 'n redelike tyd hanteer moet word en in ooreenstemming met die beginsels van geregtigheid, redelikheid en billikheid.

#### 4.2.5 *Mineraalregte as begrip verdwyn*

Mineraalregte bestaan egter na die oorgangsfase nie meer nie,<sup>152</sup> en daar is dus na die oorgangsfase nie meer houers van mineraalregte nie. Die staat is die enigste voog van die nuwe regte ten opsigte van minerale. Badenhorst<sup>153</sup>

---

150 Hoofstuk 2 van die Regulasies skryf proses volledig voor.

151 Paragraaf 4.4 handel oor die oorgangsfase soos uiteengesit in Skedule 2.

152 Ferreira en Harrison 2003 *Mining Werks* 8.

153 Badenhorst 2002 *Finance Week* 49.

is van mening dat die wetgewer foutiewelik op grond van die beslissing in die *Lebowa Mineral Trust*-saak,<sup>154</sup> waar die Hooggeregshof beslis het dat die *Grondwet*<sup>155</sup> nie mineraalregte beskerm nie, besluit het om nie mineraalregte te beskerm nie. Volgens Olivier is dit onseker of die oppervlakte-eienaars in die proses wel kans kry om vir enige regte of vergoeding te beding.<sup>156</sup> Dit lyk of die houër van mineraalregte nie inspraak sal hê nie en volgens Olivier nie eens gekonsulteer hoef te word nie.<sup>157</sup>

#### 4.2.6 Oppervlakte-eienaar

Die oppervlakte-eienaar sal in die volgende fases insette kan lewer:

- (a) In die *aansoekfase* moet die aansoeker met die eienaar konsulteer. Hierdie onderhandelings sal waarskynlik nie onderhandelinge met betrekking tot tantième insluit nie, omdat tantième ingevolge die 2002-Wet en die *Mineral and Petroleum Royalty Bill*<sup>158</sup> betaal moet word aan die staat en nie aan die oppervlakte-eienaar nie. Nêrens in die Wet is egter 'n bepaling wat betaling van tantième aan die oppervlakte-eienaar verbied nie. 'n Houër van die nuwe bedeling reg sal egter nie geredelik tantième aan die oppervlakte-eienaar betaal as hy nie hoef nie.

---

154 *Lebowa Mineral Trust Beneficiaries Forum v President of South Africa* 2002 1 BCLR 23 (T) 28. Die uitspraak was gebaseer op 'n misverstand van die uitspraak in *Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly: In re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa* 1996 4 SA 744 (CC) 799 waar gesê is dat mineraalregte nie uitdruklik in die handves vir menseregte genoem hoef te word nie, omdat dit in die meeste grondwette voldoende beskerming geniet onder die eiendomsregklousule. Vir 'n verdere bespreking sien Badenhorst en Vranken 2001 *Obiter* 496 en Badenhorst 2002 *Obiter* 191.

155 *Grondwet van Suid-Afrika* 108 van 1996.

156 Olivier 2002 *Noordwes Prokureursnuus* 5 sien egter artikel 54 en 55 en die bespreking in paragraaf 4.4.2.

157 Olivier 2002 *Ordenuus* 5.

158 Die konsepwet wat op 10 Maart 2003 gepubliseer is, is terugverwys na Departement van Finansies.

Ingevolge artikel 10(1) moet die bestuurder van die streekkantore ook op die voorgeskrewe manier<sup>159</sup>

call upon interested and affected persons to submit their comments regarding the application within 30 days of notice.<sup>160</sup>

Al remedie wat belanghebbende persone, insluitende die oppervlakte-eienaar, wat nie tevrede is nie het, is om die proses op hersiening of appèl te neem ingevolge die bepalings van die *Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid*.<sup>161</sup>

- (b) As 'n aansoek afgehandel is, mag geen persoon prospekteer of myn "without notifying and consulting with the land owner or lawful occupier of the land in question."<sup>162</sup> Indien die prospekteerreghouer of mynreghouer op hierdie stadium nie met die grondeienaar konsulteer nie, maak hy homself skuldig aan 'n misdaad wat strafbaar is met 'n boete van hoogstens R100 000 en/of gevangenisstraf van hoogstens twee jaar.<sup>163</sup>
- (c) Artikel 54 bied 'n geleentheid vir samesprekings. Olivier<sup>164</sup> glo dat hierdie artikel slegs gebruik kan word waar omstandighede verander het of waar partye nagelaat het om oor iets te onderhandel.<sup>165</sup> Hierdie artikel bepaal dat daar aan die bestuurder van die streekkantoor gerapporteer moet word indien die grondeienaar diegene waaraan regte toegeken is, verhinder om die grond te betree of onredelike aansprake maak in ruil daarvoor om die grond te bekom. Indien die dispuut nie opgelos kan word nie, word dit verwys vir arbitrasie, waar

---

159 Tans is dit nog onseker wat hierdie voorgeskrewe prosedure behels.

160 Artikel 10(1).

161 *Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid* 3 van 2000.

162 Artikel 5(4).

163 Artikel 98(a).

164 Olivier 2003 *Ordenuus* 5.

165 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie.

'n arbiter die bedrag vir kompensasie kan vasstel. Afhangende van wie daarvoor verantwoordelik is dat arbitrasie nie slaag nie, kan die grond onteien word, of die houer van regte kan verhinder word om die regte te begin uitvoer.

By boedelbeplanning moet hierdie nuwe regte<sup>166</sup> in ag geneem word. In gevalle waar erfster eiendom nalaat, moet hy/sy adviseer word dat enigeen kan aansoek doen vir regte wat moontlik die eiendomsreg, soos hy beplan het om te laat vererf, ernstig kan beïnvloed. Die 2002-Wet het ook geen voorskrifte of bepalings wat spesifiek daarmee handel dat hierdie regte kan vererf nie.<sup>167</sup>

### 4.3 Oordraagbaarheid van die regte

Die regte wat in die 2002-Wet<sup>168</sup> geskep word, alhoewel beperkte saaklike regte genoem,<sup>169</sup> kan nie vrylik oorgedra word nie. Volgens artikel 11(1) kan hierdie regte slegs oorgedra word met skriftelike toestemming van die minister.<sup>170</sup> Die minister sal slegs toestemming verleen indien die sessionaris, oordragnemer, huurder, onderhuurder, of die persoon aan wie die reg vervreem of verhandel word bevoeg is om die verpligtinge en voorwaardes van die bedoelde reg uit te oefen<sup>171</sup> en voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in artikels 17 of 23.<sup>172</sup> Die Wet swyg egter oor wat

---

166 Artikel 5.

167 Sien paragraaf 4.3.

168 Artikel 5.

169 Die konsepwet het nie daarvoor voorsiening gemaak dat die regte as beperkte saaklike regte geklassifiseer word nie, maar wel die wet; Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 379.

170 Die bepalings van artikel 56(B) reverdig die afleiding dat "bemaak" ook ingesluit kan word.

171 Artikel 11(2)(a).

172 Vereistes is onder andere dat die aansoeker toegang moet hê tot finansiële hulpbronne, oor die tegniese vermoë moet beskik om die prospekterregte in ooreenstemming met die prospekterprogram uit te oefen, voorgestelde uitgawes moet in verhouding met prospekterprogram mynbedrywighede wees, prospektering moet nie onaanvaarbare besoedeling en skade aan die omgewing

van die reg word indien die minister nie toestemming gee vir die oordrag nie. Bly dit die regte van die persoon aan wie dit toegeken is totdat die tydperk uitgeloop het, of verval die reg en kan iemand anders aansoek doen vir die reg? Daar is nie 'n omskrywing van die begrip "transfer" in artikel 1<sup>173</sup> nie. Artikel 11 gebruik die woorde sedgeer, oordra, verhuur, onderverhuur, vervreem en beskik. Alhoewel daar nie direk na "bemaak in testament" verwys is nie, sal oordra, vervreem en beskik waarskynlik wyd genoeg geïnterpreteer kan word om dit in te sluit. Die minister se toestemming is egter nie nodig indien daar slegs 'n verandering in die beherende belang van 'n genoteerde maatskappy<sup>174</sup> is nie. So ook is toestemming nie nodig as 'n verband geregistreer word oor die reg as sekuriteit vir 'n lening, ten einde fondse te bekom vir die prospekterprojek of mynprojek nie, onderhewig daaraan dat die bank of ander finansiële instelling skriftelik onderneem dat enige verkoping in eksekusie of enige ander vervreemding om die verband af te los, onderhewig sal wees aan die toestemming soos bedoel in subartikel 11(1).<sup>175</sup> Dit is te betwyfel of enige bank wel nog finansiering sal toestaan teen registrasie van 'n verband,<sup>176</sup> as daar nie sekerheid is of die reg wel oorgedra kan word en ekonomiese waarde behou nie.

Artikel 17(6) bepaal dat 'n prospekterreg slegs vir 'n maksimum tydperk van 5 jaar toegeken word, tensy dit verleng word, en 'n reg om te myn is slegs geldig vir 30 jaar tensy dit verleng word, ingevolge artikel 23(6).

Die beperkte tydperke<sup>177</sup> van 5 jaar vir prospekterreg en 30 jaar vir mynreg het 'n impak op boedelbeplanning en boedelberedding. As die regte wel

---

tot gevolg hê nie, daar moet voldoen word aan die veiligheidswetgewing en alle ander wetgewing.

173 Definisie bepaling.

174 Ferreira en Harrison 2003 *Mining Werks* 1.

175 'n Prospekterreg en 'n mynreg of 'n belang in so reg of 'n beherende aandeel in 'n maatskappy of beslote korporasie, mag nie sedgeer, oorgedra, verhuur, onderverhuur, toegeken, vervreem of oor beskik word sonder die skriftelike toestemming van die minister nie.

176 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie.

177 Artikels 17(6) en 23(6).

aan erfgename oorgedra sou kon word,<sup>178</sup> sou dit net vir die beperkte tydperke wees wat nog nie uitgeloop het nie.

Vir doeleindes van boedelbeplanning en -beredding is artikel 56(b) van besondere belang, omdat enige reg, permit, toestemming of lisensie wat toegeken en uitgereik is in terme van die 2002-Wet ophou om te bestaan, indien die houer daarvan sterf en daar nie 'n regsopvolger in titel aangewys is nie. Daar is nie 'n definisie van "regsopvolger in titel" in die wet nie en dit is nie duidelik hoekom die woorde "successors in title" gebruik is nie. As daar aan die woorde algemene betekenis geheg word, sou dit net 'n geringe kategorie van persone insluit wat sonder erfgename sterf. Het die wetgewer dalk bedoel dat 'n erfgenaam testamentêr aangewys moes wees? Die verpligting lê op die houer van die reg om seker te maak dat die opvolger wat hy/sy aanwys aan die vereistes sal voldoen sodat die minister die nodige toestemming vir die oordrag sal gee.

Omdat die vrylike oordrag van hierdie nuwe regte wat in die plek van mineraalregte ontstaan, ernstig beperk word, sal hierdie regte se waarde waarskynlik verminder.<sup>179</sup> Indien hierdie regte nie vrylik deur die houer daarvan oorgedra en sedeer kan word om sy eie ekonomiese doelwitte te bereik nie, sal die waarde in die ekonomiese sektor daal.

By boedelbeplanning skep dit ook die probleem dat as die korrekte waarde nie in die beplanning gebruik word nie, een erfgenaam bo 'n ander bevoordeel kan word, sonder dat dit die erflater se bedoeling was.

---

178 Sien bespreking hierbo in paragraaf 4.3.

179 Olivier 2002 *Ordenuus* 6.

## 4.4 Oorgangsfase

Bylaag 2 van die 2002-Wet maak voorsiening vir reëlings met betrekking tot die oorgangsfase. Hierdie oorgangsfase bied beskerming aan sekere reghebbendes wat reeds bestaan het op datum waarop die 2002-Wet in werking tree. Om die oorgangsfase te verstaan, moet daar op die definisies gelet word soos uiteengesit in paragraaf 1 van Bylaag 2.

### 4.4.1 *Old order rights*

*Old order rights* word omskryf as 'n ou bedeling mynreg, 'n ou bedeling prospekterreg of 'n ongebruikte ou bedeling reg, wat ookal die geval mag wees.<sup>180</sup>

'n Ou bedeling prospekterreg word gedefinieer<sup>181</sup> as regte vervat in tabel 1 van Bylaag 2, en 'n ou bedeling mynreg word gedefinieer<sup>182</sup> as regte vervat in tabel 2 van Bylaag 2, beide met die verdere bepaling dat daar reeds met prospekterwerk of mynbedrywighede begin moes gewees het, wanneer hierdie wet in werking tree.<sup>183</sup> Dit beteken dus dat 'n ongebruikte<sup>184</sup> prospekterreg en 'n ongebruikte<sup>185</sup> mynreg nie onder hierdie definisies<sup>186</sup> as "old order rights" beskou word nie, mits dit nie "in force" was onmiddellik voor inwerkingtreding van die 2002-Wet nie. In paragraaf 1(ix) is daar 'n verdere definisie vir "unused old order rights" wat in tabel 3 van Bylaag 2 uiteengesit word.<sup>187</sup>

---

180 Item 1 van Bylaag 2; Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 379.

181 Item 1(iv) van Bylaag 2.

182 Item (iii) van Bylaag 2.

183 Definisie soos in item 1(iv) van Skedule 2.

184 Die woorde wat gebruik word is "in force" wees.

185 Hierdie bepaling benadruk die "use it or lose it" of die "use it and keep it" beginsel; Coetzee 2000 *Finance week* 7.

186 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie.

187 "Unused old order right" beteken enige reg, aanspraak, permit of lisensie soos gelys in tabel 3 tot hierdie skedule ten opsigte waarvan geen prospektering of mynwerke uitgevoer was onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet.

Wat betref die aard van die verskillende kategorieë van “old order rights”<sup>188</sup> moet onderskeid gemaak word tussen gemeenregtelike regte, statutêre prospekter- en mynregte en statutêre magtigings om die regte uit te oefen.<sup>189</sup>

Onder gemeenregtelike regte word mineraalregte, prospekterregte en mynregte erken.<sup>190</sup> By statutêre<sup>191</sup> prospekter- of mynregte word daar onderskei tussen prospekterhuur, prospekterpermit, toestemming om te prospekter in terme van artikel 44,<sup>192</sup> ‘n artikel 47<sup>193</sup> reg om te grawe (*dig*) of toestemming om te prospekter en te myn in terme van vorige 1994-wetgewing.

’n Tydelike prospekterpermit en ’n tydelike mynmagtiging word onder statutêre magtigings erken.<sup>194</sup>

Verskillende kategorieë ou bedeling regte word vir verskillende tydperke beskerm. Prospekterregte wat benut word, word vir 2 jaar na die inwerkingtreding van die 2002-Wet beskerm, onderhewig aan die bepalings van paragrawe 6(2) en 6(8).<sup>195</sup> Paragraaf 6(2) bepaal weer dat die houer van die reg *binne* die 2 jaar grasie periode aansoek moet doen om die ou bedeling reg om te skakel na regte soos geskep word in die 2002-Wet. Wanneer die ou bedeling reg omskep is, hou dit op om te bestaan.<sup>196</sup> Die

---

188 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* bespreek in voetnoot 2 die kritiek op die “poorly drafted” definisies van ou bedeling regte.

189 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 384.

190 Sien bespreking by paragraaf 3.1.

191 Sien bespreking by paragraaf 3.2.3.

192 1991-Wet.

193 1991-Wet.

194 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 387.

195 Bylaag 2 van die wet.

196 Item 6(7) van Bylaag 2. Vergelyk 4.4.2 vir die bespreking met betrekking tot onteiening.



oorgangstydperk vir ou bedeling mynregte is 5 jaar.<sup>197</sup> Ongebruikte ou bedeling regte word slegs vir 1 jaar beskerm.<sup>198</sup>

#### 4.4.2 Gevolge van oorgangsfase

##### 4.4.2.1 Onteining

Na afloop van die oorgangsfase hou mineraalregte op om in die regsisteem te bestaan.<sup>199</sup> Omdat daar tydens die bespreking van die konsepwet<sup>200</sup> sterk besware<sup>201</sup> teen sprake van onteining was, is paragraaf 12(1) van Bylaag 2 ingevoeg.<sup>202</sup>

Badenhorst en Mostert<sup>203</sup> identifiseer drie gevolge vir houers van bestaande regte. Eerstens moet gekyk word na die gevalle waar bestaande reghouers suksesvol is met die aansoek na nuwe bedeling regte. Die vraag wat ontstaan is of die graad van inbreukmaking van so 'n aard is dat dit op konstruktiewe onteining<sup>204</sup> kan neerkom. Die tweede stel<sup>205</sup> gevolge hou verband met die geval waar die aansoeker onsuksesvol is in sy aansoek vir die omskakeling van regte. Volgens die bepaling van die 2002-Wet<sup>206</sup> hou hierdie regte dan summier op om te bestaan. Die vraag of dit onteining is, al dan nie, moet dan ondersoek word.<sup>207</sup> Die derde stel gevolge handel met die gevalle waar die houer van 'n ou bedeling reg, verkies om nie aansoek te

---

197 Item 7(1) van Bylaag 2.

198 Item 8(1) van Bylaag 2.

199 Olivier 2003 <http://northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie; Badenhorst 2001 *Obiter* 130.

200 *Mineral Development Draft Bill* 2000.

201 Badenhorst 2001 *Obiter* 140.

202 Olivier 2003 <http://northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie.

203 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 23.

204 Die grondwetlikheid van die oorgangsbepaling en moontlike onteining word breedvoerig in Badenhorst en Mostert se artikel bespreek; Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 23.

205 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 23.

206 Items 6, 7 en 8 van Bylaag 2.

207 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 23.

doen vir die omskakeling van sy reg nie.<sup>208</sup> Weer kom die vraag met betrekking tot onteining<sup>209</sup> ter sprake.

Paragraaf 12<sup>210</sup> handel oor die gevalle waar vergoeding<sup>211</sup> (*compensation*) geëis mag word van die staat, indien 'n persoon kan aantoon dat sy/haar eiendom onteien<sup>212</sup> is in terme van enige bepalings van die 2002-Wet. Wanneer vergoeding geëis word, moet die volgende bewys word:<sup>213</sup>

- (a) die aard en omvang van die werklike verlies en skade;<sup>214</sup>
- (b) hoe die eiendom tans gebruik word;<sup>215</sup>
- (c) eienaarskap;<sup>216</sup>
- (d) die geskiedenis van hoe die eiendom verkry en hoeveel daarvoor betaal is;<sup>217</sup>
- (e) die markwaarde en hoe dit bereken is;<sup>218</sup>
- (f) of die staat enige hulp en bydrae gegee het met betrekking tot die eiendom.<sup>219</sup>

Wanneer redelike en billike vergoeding bepaal word, moet alle relevante faktore inaggeneem word, wat insluit:<sup>220</sup>

- (a) die staat se verbintenis om die ongelykheid van die verlede met betrekking tot die toekenning en toegang tot minerale en

---

208 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 23.

209 Badenhorst 2001 *Obiter* 140.

210 Bylaag 2.

211 Betaling van vergoeding ten aansien van onteining word egter nie gesien as 'n doelstelling van die 2002-Wet nie.

212 Artikel 25 van die Grondwet is die eiendomsklousule en voordat daar van onteining sprake kan wees, moet daar gekyk word of die belang onder artikel 25 beskerm word en die graad van inbreukmaking moet bepaal word. Die onus is dan op die staat om aan te dui of die inbreukmaking geregverdig is al dan nie.

213 Item 12(2).

214 Item 12(2)(a).

215 Item 12(2)(b).

216 Item 12(2)(c).

217 Item 12(2)(d).

218 Item 12(2)(e).

219 Item 12(2)(f).

220 Item 12(3).

petroleumhulpbronne, wat deur diskriminasie en apartheid veroorsaak is, aan te spreek;<sup>221</sup>

- (b) die staat se verbintenis om hervorming te bewerkstellig en gelyke toegang tot al Suid-Afrika se hulpbronne te bevorder;<sup>222</sup>
- (c) bepalings van artikel 25(8)<sup>223</sup> van die *Grondwet*,<sup>224</sup>
- (d) of die persoon wat vergoeding eis, steeds 'n voordeel sal ontvang deur die gebruik van die eiendom, of nie.<sup>225</sup>

Artikel 55<sup>226</sup> maak daarvoor voorsiening dat, indien dit nodig is om die doelstellings soos uiteengesit in artikel 2 van die 2002-Wet te bereik, die minister in ooreenstemming met bepalings van artikel 25(2) en (3)<sup>227</sup> grond of enige reg daarin mag onteien en vergoeding betaal. Artikel 6, 7 en 9(1) van die *Onteieningswet*<sup>228</sup> sal van toepassing wees in die geval van onteiening<sup>229</sup> ingevolge die 2002-Wet.<sup>230</sup>

Vir die boedelbeplanner is die kwessie van onteiening, al dan nie, en die kwessie van verjaring, ook van belang omdat dit die waarde van die boedel en die uitvoerbaarheid van die boedelplan sal raak. Die kwessie van verjaring kan ook by boedelbereddering 'n rol speel.

---

221 Item 12(3)(a).

222 Item 12(3)(b).

223 Die artikel bepaal dat geen bepalings van artikel 25 die staat mag verhinder om wetgewing en ander maatreëls daar te stel om gelykheid met betrekking tot grond, water en verwante herstel te bewerkstellig, wat ontstaan het as gevolg van diskriminasie in die verlede, met die voorbehoud dat artikel 36(1) in ag geneem word.

224 *Grondwet van Suid-Afrika* 108 van 1996; item 12(3).

225 Item 12(3)(d).

226 2002-Wet.

227 *Grondwet van Suid-Afrika* 108 van 1996.

228 *Onteieningswet* 63 van 1975.

229 Die kwessie met betrekking tot onteiening is nog nie uitgeklaar nie.

230 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/mineral.html> 28 Julie.

#### 4.4.2.2 Vergoeding en tantième

Die reëling met betrekking tot prospekteergelde en tantième in die wet is baie vaag.<sup>231</sup> Badenhorst en Mostert<sup>232</sup> is van mening dat die reg om tantième te ontvang onder die eiendomsklousule<sup>233</sup> beskerming geniet en dit neerkom op konstruktiewe onteiening indien die reg om tantième te ontvang verdwyn.

Alhoewel 'n houër van 'n ou bedeling reg, wat aansoek wil doen vir die omskakeling van die reg, in sy aansoek 'n "statement setting out the terms and conditions which apply to the old order right,"<sup>234</sup> moet aanheg, maak die 2002-Wet nie voorsiening dat hierdie voorwaardes na die omskakeling deel sal vorm van die nuwe reg nie. Bylaag 2<sup>235</sup> bepaal dat geen voorwaarde wat op 'n ou bedeling reg van toepassing was, van toepassing sal bly as dit indruis teen die bepaling van die *Grondwet* of hierdie wet nie. Sou dit die bedoeling van die wetgewer wees dat net teenstrydige bepalings verval?<sup>236</sup>

In die definisies<sup>237</sup> is daar wel omskrywings van "contractual royalties,"<sup>238</sup> en "state royalties."<sup>239</sup> Paragraaf 11(1) handel met die betaling van tantième. Indien tantième voor die inwerkingtreding van die 2002-Wet 'n gemeenskap<sup>240</sup> toegeval het, sal dit na die inwerkingtreding steeds toegeken word.<sup>241</sup> Paragraaf 11(3) maak daarvoor voorsiening dat "considerations or

---

231 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 22.

232 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 27.

233 Artikel 25 van die *Grondwet* 108 van 1996; Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 36.

234 Item 6(2)(g).

235 Item 6(4).

236 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/mineral.html> 28 Julie.

237 Artikel 1.

238 "Contractual royalties" beteken enige tantième of betaling waartoe partye tot 'n myn- of produksie bedryf toegestem het.

239 "State royalties" beteken enige tantième betaalbaar aan die staat ingevolge 'n parlementswet.

240 Die woord "community" word deur die wetgewer gebruik.

241 Item 11(2).

royalties<sup>242</sup> aan natuurlike persone<sup>243</sup> mag voortgaan op die voorwaardes soos deur die minister bepaal,<sup>244</sup> en as die minister tevrede is dat die beeïndiging van die betaling “will cause undue hardship to the person” of indien die persoon sodanige tantième gebruik vir sosiale ontwikkeling.<sup>245</sup> Daar is geen voorsiening vir tantième aan 'n regs persoon of trust nie.

Olivier<sup>246</sup> kom tot 'n ander gevolgtrekking.<sup>247</sup> Hy is van mening dat ooreengekome tantième en ander vergoeding in die geval van 'n natuurlike persoon verval behalwe as die minister dit laat voortduur, maar dat regs persone en trusts se regte bly voortbestaan, omdat dieselfde voorwaardes wat vir gemeenskappe en natuurlike persone gestel word, nie gestel word vir regs persone en trusts nie.<sup>248</sup> Hierdie gevolgtrekking strook nie met die doelstelling en filosofie van die 2002-Wet nie.<sup>249</sup>

Badenhorst<sup>250</sup> is van mening dat die wetgewer aanvanklik sal poog om die *status quo* met betrekking tot die ontvangers van tantième te handhaaf, en dat ontvangers van tantième na die oorgangsfase rekenskap sal moet gee van wat met die fondse gemaak is. As die fondse aangewend is vir vaardigheidsontwikkeling of opvoeding, sal die houer waarskynlik voortgaan om die tantième te ontvang. Slegs in uitsonderlike gevalle sal tantième weggeneem word.<sup>251</sup>

---

242 Item 11(3).

243 Indien die normale betekenis aan die woord geheg word, beteken dit dat tantième aan regs persone en trust hierby uitgesluit is. Sou die wetgewer dalk bedoel om onderskeid te maak tussen gemeenskappe en regs persone, eerder as tussen gemeenskappe en natuurlike persone?

244 Geen riglyne word aan die minister gegee nie.

245 Item 11(3)(b).

246 Olivier 2003 *Noordwes Prokureursnuus* 7.

247 So 'n siening is waarskynlik verkeerd.

248 Olivier 2003 *Noordwes Prokureursnuus* 7; dalk strook dit met Badenhorst se siening dat die wetgewer die *status quo* aanvanklik sal handhaaf.

249 Sien bespreking onder paragraaf 4.1.

250 Badenhorst 2002 *Finance Week* 49.

251 As hierdie uiteensetting die wetgewer se bedoeling weerspieël sal daar aandag gegee moet word aan die bewoording van die wet.

#### 4.4.2.3 Ander

In die 2002-Wet word daar voorsiening gemaak dat die grondeienaar en die belanghebbende persone geken moet word in die aansoek,<sup>252</sup> maar in die oorgangsfase is nie soortgelyke bepalings ingesluit nie. Dit lyk dus asof die houër van 'n bestaande ou bedeling reg, hetsy prospekterreg of mynreg kan aansoek doen vir die omskakeling van hierdie reg na 'n nuwe bedeling reg sonder om die grondeienaar in die aangeleentheid te ken.<sup>253</sup> Moontlik is hierdie bloot 'n oorsig aan die kant van die wetgewer.<sup>254</sup>

Gedurende die oorgangsfase moet 'n boedelbeplanner sy sake in orde kry. Hy moet aandag gee aan die vraag of die kliënt, wie se boedel hy beplan, nou in terme van die 2002-Wet 'n houër is van 'n ou bedeling reg.<sup>255</sup> Indien hy wel oor 'n ou bedeling reg beskik, moet hy besluit of hy in terme van die oorgangsbepalings<sup>256</sup> die nodige stappe gaan doen om hierdie reg na 'n prospekterreg of mynreg om te skakel. Veral in die geval van 'n ongebruikte ou bedeling reg moet hy vinnig optree omdat hierdie regte net tot 31 April 2005 beskerm word.<sup>257</sup> Indien 'n boedelbeplanner van mening is dit daar wel sprake van onteiening is, moet hy ook met betrekking hiermee sy besluite neem en sy sake in orde kry.

### **5. Invloed van die 2002-Wet op boedelbeplanning en boedelberedding**

Vir die boedelbeplanner is kennis van hierdie 2002-Wet, regulasies en veranderinge, uiters noodsaaklik. Kliënte sal geadviseer moet word met

---

252 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/mineral.html> 28 Julie.

253 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/mineral.html> 28 Julie. Vergelyk artikel 10 waar dit 'n misdaad is om nie met die grondeienaar te konsulteer nie.

255 Soos omskryf in item 1 van Bylaag 2.

256 Bylaag 2 van die 2002-Wet.

257 Sien bespreking in 4.4.1.

betrekking tot hulle eiendom, hetsy eiendomsreg van die grondeienaar, hetsy mineraalregte, en welke stappe geneem moet word om hulle belange te probeer beskerm en/of vergoeding te eis.<sup>258</sup>

In *Louw v Engelbrecht*<sup>259</sup> het Flemming R die opmerking gemaak dat indien iemand teenoor die publiek as kundige in verband met testamente optree, hy/sy goed opgelei behoort te wees en met sowel noukeurigheid as versigtigheid moet optree. Jacobs<sup>260</sup> is van mening dat professionele persone wat testamente opstel, kwesbaar is wanneer 'n testament ongeldig is as gevolg van 'n optrede of weglating deur die opsteller in sy/haar voorbereiding of uitvoering. Teleurgestelde erfgename kan 'n geldige eis teen so 'n opsteller hê. Nodige kennis van die 2002-Wet kan dus slaggate verhoed.

## **5.1 Aspekte waaraan die boedelbeplanner aandag moet gee**

### *5.1.1 Tantième, prospekteergelde en ander vergoedings*

Bestaande kontrakte tussen die grondeienaar en mineraalreghouer aan die een kant en die prospekterder en persoon wat myn aan die anderkant moet noukeurig nagegaan word.

Dit sal moontlik wees om te bepaal of dit vir die houer van 'n ou bedeling reg voordelig is om onmiddellik aansoek<sup>261</sup> te doen vir die omskakeling van sy regte, en of daar gewag moet word totdat die grasietydperke<sup>262</sup> in die oorgangsfase<sup>263</sup> bykans verstryk het. Indien die persoon wat myn of

---

258 Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/mineral.html> 28 Julie.

259 *Louw v Engelbrecht* 1974 4 SA 841 (O).

260 Jacobs 2003 *De Rebus* 19.

261 Vergelyk bespreking in 4.4.2.2.

262 Items 6(1); 7(1) en 8(1) asook die bespreking onder 4.4.1.

263 Bylaag 2 en die bespreking onder 4.4.

prospekteer tans tantième en prospekteergelde aan die houer van mineraalregte betaal, mag dit voordelig wees om onmiddellik na die inwerkingtreding van die 2002-Wet aansoek te doen vir die omskakeling van regte as die tantième wat aan die staat<sup>264</sup> betaal word minder is as wat die bestaande ooreenkoms bepaal.<sup>265</sup> Indien die tantième aan die staat meer is, sal die aansoeker bespaar deur te wag met sy/haar aansoek en andersom. Waar die mineraalregte en die prospekteerregte of mynregte deur dieselfde persoon of regspersoon gehou word, sou dit ook voordelig wees om nie te wag voordat aansoek vir omskakeling van regte gedoen word nie, omdat daar dan tantième betaal sal word, waar dit nou nie gebeur nie.<sup>266</sup>

Erflaters moet daarop gewys word dat die tantième aan natuurlike persone verval.<sup>267</sup> Indien vergoeding wel sal voortduur moet daar uitgespel word dat die hele aangeleentheid in onsekerheid gehul is. Indien die vergoeding en tantième vir sosiale ontwikkeling aangewend word, kan dit bydra tot die behoud daarvan.<sup>268</sup> Die gebrek aan bepalings met betrekking tot tantième aan regspersone en trust moet uitgewys word.<sup>269</sup> Alhoewel dit die erflater se bedoeling kan wees om sy begunstigdes eweredig te bevoordeel deur aan die een mineraalregte en aan die ander oppervlakte regte te bemaak, kan die praktiese toepassing nou na die inwerkingtreding van die 2002-Wet nie meer moontlik wees nie.

Dit is die taak van die boedelbeplanner om hierdie kwessies deur te werk en te besluit hoe die kwessies rondom tantième in die boedelplan inpas en of die erflater nog sy doel bereik.

---

264 Voetnoot 148.

265 Ferreira en Harrison 2003 *Mining Werks* 7.

266 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 47.

267 Item 11(3) van Skedule 2 en die bespreking onder 4.2.3.

268 Item 11(3)(b).

269 Soms word die oprigting van 'n trust deur beplanners aanbeveel. Hier moet beplanners versigtig wees.



### 5.1.2 Die aard en oordraagbaarheid van die nuwe bedeling regte

Alhoewel die 2002-Wet die nuwe regte as beperkte saaklike regte<sup>270</sup> omskryf, is die regte nie vrylik oordraagbaar nie.<sup>271</sup> Uit die bewoording van artikel 56(b)<sup>272</sup> wat bepaal dat 'n reg ophou bestaan as daar nie 'n regsopvolger in titel aangewys is nie, kan afgelei word, dat as daar 'n regsopvolger aangewys word, die reg nie ophou bestaan nie, en dus oorgedra kan word. Of toestemming van die minister hier ook 'n vereiste is, is nog onseker.<sup>273</sup> Indien die minister se toestemming wel noodsaaklik is vir die oordra van die reg,<sup>274</sup> moet die erflater gewys word op die bepaalde vereistes<sup>275</sup> waaraan die erfgenaam sal moet voldoen, voordat die minister toestemming sal gee. Geen bepaling soortgelyk aan artikel 20(1) van die 1991-Wet word gemaak nie.<sup>276</sup>

Die gevalle van fideikommissêre bemakings sal ook ondersoek moet word om te sien of toestemming deur die minister hier ook ter sprake sal wees en of hierdie regte oorgedra kan en moet word.

“Enige persoon” kan na inwerkingtreding van die 2002-Wet aansoek doen vir nuwe bedeling regte.<sup>277</sup> Daar sal aan voorheen benadeelde persone voorkeur gegee word indien twee of meer persone gelyk aansoek doen,<sup>278</sup> daarom kan daar gekyk word na die moontlikheid dat die boedelbeplanner self aansoek doen in die oorgangsfase om ou bedeling regte om te skakel

---

270 Artikel 5(1). Vergelyk paragraaf 4.2 en voetnoot 157.

271 Artikel 11. Vergelyk 4.3.

272 Vergelyk bespreking 4.3.

273 Vergelyk paragraaf 4.3.

274 Artikel 11(1).

275 Artikel 17 of 23, welke ookal van toepassing mag wees.

276 Sien paragraaf 3.2.4 met betrekking tot oordraagbaarheid van mineraalregte.

277 Artikel 16(1) en 22(1) saamgelees met die oorgangsbepalings.

278 Artikel 9.

na nuwe bedeling regte, veral in die geval van ongebruikte regte op die datum inwerkingtreding van die 2002-Wet.<sup>279</sup>

### 5.1.3 Moontlike onteiening

Die kwessie van onteiening<sup>280</sup> is nog nie opgelos nie. Beplanners moet erflaters deeglik inlig oor hierdie aangeleentheid. Aangeleentheid wat aandag moet geniet is:

- (a) Waar houer van bestaande regte suksesvol aansoek gedoen het vir die omskakeling van ou bedeling regte na nuwe bedeling regte,<sup>281</sup> maar nou 'n reg met minder inhoud<sup>282</sup> as die ou bedeling reg het.
- (b) Waar die aansoeker onsuksesvol<sup>283</sup> was met die aansoek om die ou bedeling regte na nuwe bedeling regte om te skakel en nou geen reg meer het nie.
- (c) En derdens waar die houer van ou bedeling regte versuim of nagelaat het om aansoek te doen vir die omskakeling van regte en die regte na die oorgangsfase ophou bestaan.<sup>284</sup>

Die aspek van onteiening met betrekking tot die verlies aan die reg om tantième te ontvang,<sup>285</sup> moet ook aan die erflater uitgewys word.

### 5.1.4 Kapitaalwinsbelasting

Daar sal ook vasgestel moet word of kapitaalwinsbelasting van toepassing sal wees in die geval van "asset" en "disposal" wat wyd omskryf word in die

---

279 Daar is geen spesifieke bepalings in die 2002-Wet wat hieroor handel nie.

280 Sien paragraaf 4.4.2.1 en voetnotas daarin bespreek.

281 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 23.

282 Moontlike konstruktiewe onteiening word deur Badenhorst en Mostert in 2003 *Stellenbosch Law Review* 23 bespreek.

283 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 23.

284 Vergelyk paragrawe 4.4.2.1 en Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 23.

285 Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review* 23.

Agtste Bylaag.<sup>286</sup> Die term “asset” sluit eiendom van watter aard ookal in. Mineraalregte was ‘n bate in die boedel. Die term “disposal” sluit in

Any event, act, forbearance or operation of law which result in the creation, variation, transfer or extinction of an asset.

Omdat mineraalregte opgehou bestaan het met die inwerkingtreding van die 2002-Wet, ontstaan die vraag of dit in berekening gebring moet word by bepaling van kapitaalwinsbelasting. Paragraaf 67C van die Agtste Bylae van die *Inkomstebelastingwet*<sup>287</sup> soos vervat in die *Konsep wysigingswetgewing*<sup>288</sup> maak wel daarvoor voorsiening dat omskakeling van ou bedeling regte na nuwe regte en hernuwing of verlening van nuwe bedeling regte nie neerkom op vervreemding vir doeleindes van kapitaalwinsbelasting nie, maar maak geen melding van gevalle waar onteiening bewys kan word nie. Waar daar vergoeding betaal word in geval van onteiening, sal dit waarskynlik wel vatbaar wees vir ‘n kapitaalwinsbelastingberekening, wat ‘n boedelbeplanner in ag moet neem.

#### 5.1.5 Diverse

Probleme kan verder ontstaan waar die testateur sterf tydens die oorgangsfase, sonder dat daar in sy testament voorsiening gemaak is vir die invloed van die 2002-Wet. Tydens die ou bedeling<sup>289</sup> het ‘n eksekuteur nie die magtiging gehad om ‘n prospekterkontrak of mineraalhuurooreenkoms toe te staan, sonder spesiale testamentêre toestemming nie. ‘n Eksekuteur kon wel mineraalregte wat nie spesifiek in die testament bemaak is nie, vervreem het.<sup>290</sup> Dit is onseker of hierdie mineraalregte gedurende die oorgangsfase wel nog vir die tydperke soos in Skedule 2 omskryf, sou kon voortbestaan en of die eksekuteur aansoek

---

286 *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962.

287 Item 11 van die Agtste Bylaag.

288 [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za).

289 *Mineraalwet* 50 van 1991.

290 Albert *et al* *Notariële Praktyk* 254.

sou kon doen vir die omskakeling van hierdie ou bedeling regte na nuwe bedeling regte.<sup>291</sup>

Aandag moet ook geskenk word aan gevalle waar nuwe bedeling regte aan minderjarige kinders bemaak is. Dit is dus 'n geval waar daar 'n regsopvolger is,<sup>292</sup> maar die vraag is of die minderjarige sal kan voldoen aan die vereistes wat die minister stel voordat hy sy toestemming<sup>293</sup> gee vir die oordrag van die reg. Die 2002-Wet swyg oor wat gebeur as die minister nie sy toestemming gee vir die oordrag nie. Sou dit beteken dat die boedelhouer van die reg bly tot na die oorgangsfase, en dat iemand anders dan kan aansoek doen vir die reg?

Die 2002-wet gee nie klinkklare oplossings vir alle probleme wat mag ontstaan nie, en daar sal waarskynlik nog heelwat oor hierdie onderwerpe geskryf word. Boedelbeplanners moet op hoogte bly van nuutste verwickelinge en probleme wat ontstaan aan die minister voorlê vir uitklaring.

Artikel 96 maak daarvoor voorsiening dat enige persoon wie se regte of regverdigte verwagtinge aangetas is of wat ontevrede is met die uitslag van die administratiewe proses, kan appèlleer op die voorgeskrewe wyses. Geen persoon mag 'n hof nader om 'n administratiewe optrede te hersien, tensy al die interne prosedures reeds gevolg is nie. Regulasies sal bestudeer moet word, soos wat dit uitgevaardig word, aangesien probleme wat in die praktyk opduik waarskynlik in regulasies uitgesorteer sal word.

---

291 Daar is geen spesifieke bepalings in die 2002-Wet nie.

292 Voldoen aan artikel 56-vereiste.

293 Artikel 11 .

## 6 Slot

Die *Mineral and Petroleum Resources Development Act* 28 van 2002 lei 'n totaal nuwe bedeling<sup>294</sup> in die mynwese en mynwetgewing in. Dit is noodsaaklik dat houers van ou bedeling regte die implikasies van die bepalings verstaan.

Die *Mineraalwet* 50 van 1991 het nie die gemeenregtelike aard en inhoud van mineraalregte gewysig nie,<sup>295</sup> maar het weggedoen met die klassifikasie van grond en het die reg van die staat om te myn vir sekere edele minerale herroep. Die gemeenregtelike regte van die houer van mineraalregte is tot 'n groot mate herstel.<sup>296</sup>

Die 2002-Wet doen weg met die begrip mineraalregte soos wat dit tot April 2004 bekend was.<sup>297</sup> Na 1 Mei 2004 vestig die reg om te prospekteer of te myn in die houer van die nuwe reg. Hierdie reg kan net vanaf die staat, as beskermmer van die natuurlike erfenis, verkry word.<sup>298</sup>

Die implikasies van die 2002-Wet is dat boedelbeplanners moet let op die volgende:

- (a) Tantième, prospekteergelde en ander vergoeding wat in die gedrang kom.<sup>299</sup>
- (b) Die nuwe regte wat nie vrylik oordraagbaar is nie.<sup>300</sup>
- (c) Die gevolge van die oorgangsfase.<sup>301</sup>

---

294 Ferreira en Harrison 2003 *Mining Werks* 8; Badenhorst 2001 *Obiter* 140.

295 Sien 3.1.

296 Sien 3.2.1.

297 Sien 4.2.

298 Sien 4.3.

299 Sien 5.1.2

300 Sien 4.2.

301 Sien 4.4.2.

Dit is die taak van die boedelbeplanner om alle kontrakte met betrekking tot tantième, prospekteergelde en ander vergoeding behoorlik na te gaan om vas te stel watter kontrakte nog van toepassing is en watter nie. Erflaters moet geadviseer word dat die 2002-Wet 'n verandering met betrekking tot tantième meegebring het.

Die beperkte oordraagbaarheid van die nuwe regte moet bespreek word. Die boedelbeplanner moet die erflater inlig met betrekking tot al die vereistes waaraan 'n aansoeker moet voldoen, voordat hy die nodige toestemming van die minister sal verkry vir die oordrag van die regte.<sup>302</sup> Die kwessie van minderjarige kinders moet ook aandag geniet.<sup>303</sup>

Veral met betrekking tot die oorgangsfase en die beperkte tydperke wat van toepassing is, moet die erflater ingelig word. Die gevolge van moontlike onteiening en die verjaring van moontlike eise sowel as moontlike kapitaalwinsbelasting<sup>304</sup> berekeninge moet onder die erflater se aandag gebring word.

Dit is dus belangrik dat enige persoon wat hom besig hou en raad gee met betrekking tot boedelbeplanning 'n deeglike kennis het van die 2002-Wet ten einde sy kliënt van die beste raad te voorsien. 'n Gebrek aan kennis kan nie alleen groot finansiële verliese tot gevolg hê nie, maar dit kan ook die gevolg hê dat die erflater se testament nie sy ware bedoelings weerspieël nie.

---

302    Sien 5.1.2.

303    Sien 5.1.5.

304    Sien 5.1.4.

## **Bibliografie**

### **1. Literatuur**

**Alberts, Stevens en White *Notariële Praktyk***

Alberts H, Stevens CI en White WF *Notariële Praktyk: Korrespondensie Kursus 2001* (Voortgesette Regsopleiding Pretoria 2001)

**Allegiance Consulting *Momentum's Easiguide***

Allegiance Consulting (eds) *The Momentum's Law and Estate Planning Easiguide 2002/2003* (Butterworths Durban 2002)

**Anon 1998 *Business Africa***

Anon "Alerts & Updates" November 1998 *Business Africa* 6

**Badenhorst 1990 *TSAR***

Badenhorst PJ "Towards a theory on mineral rights" 1990 *TSAR* 239-253

**Badenhorst 2001 *Obiter***

Badenhorst PJ "Mineral rights: Year Zero commeth" 2001 *Obiter* 119-141

**Badenhorst 2001 *Obiter***

Badenhorst PJ "Transitional arrangements: crossing a narrow bridge" 2001 *Obiter* 250-288

**Badenhorst 2002 *Finance Week***

Badenhorst PJ "Dangerous dance over rights" *Finance Week* 19 April 2002 49

**Badenhorst 2002 *Obiter***

Badenhorst PJ "Tydelike permit ter voortsetting van prospekteerwerkzaamhede; *Kotze v Meepo Ya Sechaba Mining BK 171/2002 (NK) Ongerapporteur*" 2002 *Obiter* 186-192

**Badenhorst en Malherbe 2001 *TSAR***

Badenhorst PJ en Malherbe M "The constitutionality of the Mineral Development Draft Bill 2000" 2001 *TSAR* 765-795

**Badenhorst en Mostert 2003 *Stellenbosch Law Review***

Badenhorst PJ en Mostert H "Revisiting of the transitional arrangements of the Mineral and Petroleum Resources Act 28 of 2002 and the constitutional property clause: An analysis in two parts Part one: Nature and content of rights acknowledged by the revised transitional provisions" 2003 *Stellenbosch Law Review* 377-400

**Badenhorst en Mostert 2004 *Stellenbosch Law Review***

Badenhorst PJ en Mostert H "Revisiting of the transitional arrangements of the Mineral and Petroleum Resources Act 28 of 2002 and the constitutional property clause: An analysis in two parts Part two: Constitutionality of Minerals and Petroleum Resources Act's transitional provisions" 2004 *Stellenbosch Law Review* 22-51

**Badenhorst en Mostert 2004 *De Rebus***

Badenhorst PJ en Mostert H "A bridge too ghostly to contemplate?" Julie 2004 *De Rebus* 2004 24-28



Badenhorst, Pienaar en Mostert 2003 *Law of Property*

Badenhorst PJ, Pienaar JM en Mostert H *Silberberg and Schoeman's: The Law of Property* 4de uitg (Butterworths 2003)

Badenhorst, Van der Vyver 2004 *de Rebus*

Badenhorst PJ en van der Vyver E "Beware of prescription!"  
November 2004 *De Rebus* 2004 22-25

Bobbert 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap*

Bobbert MCJ "Grondlyne van Strategiese Boedelbeplanning" 1976  
*Tydskrif vir Regswetenskap* 3-26.

Coetzee 2000 *Finance Week*

Coetzee J "New mineral policy a win-win?" *Finance Week* 7 Jan  
2000 40

Du Plessis, Olivier en Pienaar 2002 *SAPR/PL*

Du Plessis W, Olivier N en Pienaar J "A new dispensation for  
communal land and minerals" 2002 *SAPR/PL* 409-439

Ferreira en Harrison 2003 *Mining Werks*

Ferreira E en Harrison M "The Impact of the Mineral and Petroleum  
Resources Development Act 28 of 2002 on mining companies"  
March 2003 *Mining Werks* 1:1-8

Franklin en Kaplan *Mining and Mineral Laws*

Franklin BLS en Kaplan M *The Mining and Mineral Laws of South  
Africa* (Butterworths 1982)

Jacobs 2003 *Jacobs*

Jacobs J "The will that could haunt you" September 2003 *De Rebus*  
16-19

Joubert *THRHR*

Joubert CP "Die Regte op Minerale " 1959 *THRHR* 27-45

Meyerowitz 1965 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Estate and taxplanning" vol XIV January 1965  
*The Taxpayer* 1

Olivier 2003 *Noordwes Nuus*

Olivier D "Minerale: Verval van bestaande regte" September 2003  
*Noordwes Nuus* 5-7

Olivier 2003 *Ordenuus*

Olivier D "Minerale Regte 'old order rights' is van min of geen  
waarde" Januarie/Februarie 2003 *Ordenuus* 1-6

Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning*

Olivier PA en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* (Juta  
Kaapstad 1991)

Schoeman en Silberberg *Law of Property*

Schoeman J *The Law of Property* 2de uitg (Butterworths1983)

Strauss 2001 *De Rebus*

Strauss B "Death, Taxes and a new death tax" November 2001 *De  
Rebus* 59

Thomas *Essentialia van die Romeinse Reg*

Thomas Ph J *Essentialia van die Romeinse Reg* (Perskor Johannesburg 1988)

Van der Merwe *Notariële Praktyk*

Van der Merwe F E *Notariële Praktyk* (Butterworths 1989)

Van der Merwe *Notariële Praktyk* 2de uitg

Van der Merwe F E *Notariële Praktyk* 2de uitg (Butterworths 2000)

Van der Walt en Pienaar *Sakereg*

Van der Walt AJ en Pienaar GJ *Inleiding tot die Sakereg* 3de uitg (Juta 1999)

Van der Walt en Pienaar *Sakereg*

Van der Walt AJ en Pienaar GJ *Inleiding tot die Sakereg* 4de uitg (Juta 2002)

Wiechers en Vorster *Boedelbereddering*

Wiechers NJ en Vorster I *Boedelbereddering* 3de uitg (Butterworths Durban 1999)

## 2. *Internetbronne*

Anon 2001 [www.tax.co.za/estplan.html](http://www.tax.co.za/estplan.html)

Anon 2001 Estateplanning <http://www.tax.co.za/estplan.html> 22/5/03

Ericsson 2000 <http://www.emj.com>

Ericsson South African Minerals Review <http://www.emj.com> 24/5/03

Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/mineral.html>.

Olivier D 2003 Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 of 2002: Seminaar aangebied op 7/3/2003 te Rustenburg deur Noordwes sirkel. Notas opgestel deur Danie Olivier op 14/3/2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/mineral.html> 28/7/03

### 3. *Wetgewing*

*Aanvullende Wet op Mineraalwette* 10 van 1975

*Algemene Regswysigingswet* 50 van 1976

*Boedelbelastingwet* 45 van 1955

*Boedelwet* 66 van 1965

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996

*Inkomstebelastingwet* 58 van 1962

*Mineraalwet* 50 van 1991

*Mineral and Petroleum Resources Development Act* 28 van 2002

*Nasionale Waterwet* 36 van 1998

*Registrasie van Akteswet* 47 van 1937

*Wet op Beheer van Trustgoed* 57 van 1988

*Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid* 3 van 2000

*Wet op Edelgesteentes* 73 van 1964

*Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984

*Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987

*Wet op Myne en Bedrywe* 27 van 1956

*Wet op Mynregte* 20 van 1967

*Wet op Onderhoud van Langslewende Gade* 7 van 1990

*Wet op die Onderverdeling van Landbougrond* 70 van 1970

*Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed* 94 van 1965

*Wet op Testamente* 7 van 1953

#### 4. *Hofsake*

*Armstrong v Oree t/a Oree's Cartage & Plant Hire* 2004 3 SA 152 (SCA)  
*Beyers v Du Preez* 1989 1 SA 328 (T)  
*Coronation Collieries v Malan* 1911 TPD 577  
*Douglas Colliery v Bothma* 1947 3 SA 602 (T)  
*Erasmus v Afrikaner Prop Mines* 1976 1 SA 950 (W)  
*Ex parte Campher* 1912 TPD 10  
*Ex parte Eloff* 1953 1 SA 617 (T)  
*Ex parte Erasmus* 1950 1 SA 359 (T)  
*Ex parte Erasmus* 1958 4 SA 788 (T)  
*Ex parte Pierce* 1950 3 SA 628 (O)  
*Ex parte Swiegers* 1966 4 SA 7 (GW)  
*Ex parte Venter* 1934 TPD 10  
*Finbro Furnishers v Registrar of Deeds, Bloemfontein* 1985 4 SA 773 (A)  
*Hudson v Mann* 1950 4 SA 485 (T)  
*Lazarus and Jackson v Wessels* 1903 TPD 499  
*Lebowa Mineral Trust Beneficiaries Forum v President of South Africa*  
2002 1 BCLR 23 (T)  
*Louw v Engelbrecht* 1974 4 SA 841 (K)  
*Malan v Strauss* 1994 4 179 (NKA)  
*Master v Africa Mines* 1907 TPD 10  
*Neebe v Register of Mining Rights* 1902 TPD 65  
*Nolte v Johannesburg Consolidated Investments* 1943 AD 295  
*Roets v Secundior Sand BK* 1989 1 SA 902 (T)  
*Rocher v Registrar of Deeds* 1911 TPA 249  
*Union Government v Marais* 1920 AD 240  
*Vansa Vanadium SA v Registrar of Deeds* 1997 2 SA 78 (T)  
*Van Vuren v Registrar of Deeds* 1907 TPD 289  
*Webb v Beaver Investments* 1954 1 SA 13 (T)  
*Witbank Colliery v Malan Coronation Colliery* 1910 TPD 667